# *MENERE, ONS WIL JESUS GRAAG SIEN*

Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed.

2 Ons Hemelse Vader, ons is dankbaar teenoor U, vanaand, vir die beloftes wat ons het in hierdie lied. Ons kan net daardie epileptiese seun sien in daardie spasma, sy vader wat kom om U te ontmoet, en te vra of U genadig sal wees. En Hy het gesê: "Ek kan as jy glo. Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

3 U het belowe dat U ons nooit sal begewe of ons sal verlaat nie. Die Skrif sê U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. En U is net so gewillig, vanaand, om ons siekte te genees as wat U toe was, want U is dieselfde. En U het belowe in U Woord dat die dinge wat U gedoen het, ons ook sou doen. Dis U belofte, en ons weet dat dit waar is.

4 So mag al hierdie groot beloftes, Here, vervul word aan U kinders vanaand, dat ieder en elk mag ontvang waarvoor hulle gekom het. En wanneer die diens sal afsluit vanaand, en ons na ons verskillende huise toe gaan, mag ons onder ons praat soos hulle wat wat Emmaüs af gekom het daardie dag. U het heeldag saam met hulle gewandel, en hulle het U nie geken nie. Maar daardie aand, toe U hulle alleen in die kamer gekry het, het U iets gedoen net soos U gedoen het voor die kruisiging, iets wat niemand anders dit net op daardie manier gedoen het nie. En hulle het herken deur *dit* wat U gedoen het, dat U die herrese Christus was. En hulle het gesê: "Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?"

5 Ons bid dat U sal terugkeer na ons toe, vanaand, Here. Net hierdie paar mense, maar U het gesê: "As twee of drie vergader is in My Naam, sal Ek in hulle midde wees." Dis U belofte, Here, en ons glo dat dit waar is. Ons wag nou, in die Naam van die Here Jesus, vir die bevestiging van U Woord. Amen.

Julle kan maar sit.

[Iemand gee 'n profesie—Red.]

6 Amen. Dankie aan ons Hemelse Vader vir daardie groot aanmoediging. Hoe dit ons behoort te laat voel, voor die diens begin, Hy ons 'n belofte gee deur die gees van profesie, dat ons Hom in ons midde hierbinne sal sien. Nou, is dit so? Dit is beslis so. Dit kom van God af. Enigiets wat van God af kom, is altyd reg. Geseënd sy die Naam van die Here.

7 Ek's so dankbaar om te lewe in 'n tyd wanneer die Gees van God in die midde van Sy mense is, om uit te roep, 'n Kerk

afsonder om Huis toe te neem, as 'n oorblyfsel wat sal oorbly op aarde wanneer Hy kom, om opgeneem te word in die Hemele. So dankbaar daarvoor.

8 O, hierdie is 'n groot uur. Ek's—ek's so bly om hier te lewe. Julle weet, Moses sou graag in hierdie tyd wou leef. Al die apostels sou graag in hierdie tyd wou leef. En hier lewe ons, in hierdie tyd, en lewe onder ons voordele. Hoe God Sy mense wil seën.

9 Nou, julle weet, daar word vir ons vertel dat die dag wanneer die Here kom, sal dit soort van onverwags wees, en die kerk eers sou afkoel. En ek het pas klaargemaak, by my tabernakel by die huis, met die—die sewe laaste kerktydperke. En dit kom uit. . .dis nou op band, en dis, ek het elke kerktydperk geneem, elke aand, *Die Sewe Kerktydperke* gemaak, die sewe laaste. . . die kandelare, en die sewe boodskappers van die kerktydperke en. . .

10 Ek, van alles. . .Ek's nie veel van 'n prediker nie, maar alles wat ek. . .elke poging wat ek aangewend het vir die Here in my hele lewe, glo ek nie was ooit so effektief soos daardie was nie.

11 Want sodra ek afgekom het, en nie geweet het wat om hierdie kerktydperke op 'n swartbord te teken nie, te wys net hoeveel van die Heilige Gees in die Efésiese Kerktydperk gekom het, dan af in die Smirna, en Pérgamos, en Thiatíre, en verder aan, en as daardie Engel van die Here, daardie Lig, Dit het reg voor driehonderd mense ingekom, Ditself reg oorbeweeg op die muur, en geteken met daardie ronde Lig, net soos ek die kerke geteken het, en presies dieselfde dieptes en alles gewys, soos dit deurgegaan het, terwyl driehonderd mense geskree, en gehuil, en Daarna gekyk het teen die kant van die muur. Wel, Dit het hierbuite gestaan, en Ditself weerkaats teen die muur en daardie selfde ding gemaak.

12 En hulle het dit nou geteken op, in foto's, en dit staan in die tabernakel. Mnr. Arganbright, ons liewe kosbare broer, wat so pas weg is, en het soontoe gegaan om daarna te kyk, waar dit op die muur was.

13 Ons lewe net in 'n geweldige tyd. Maar ek's bevrees dat ons nie. . .onsself 'n bietjie moet knyp en 'n bietjie skud om net uit te vind waar ons is.

14 Ek het dikwels gesê, en hierdie opmerking gemaak: ek vind twee klasse mense soos ek die wêreld deurreis. Dis Pinkster vir een, en die fundamentele vir die ander.

15 Nou, die fundamentele mense weet posisioneel wat hulle in Christus is deur die belofte van die Bybel, maar hulle het nie die Heilige Gees ontvang om te weet wie hulle is, of, geloof te hê nie. Nou, die Pinkstermense het die Heilige Gees ontvang, maar hulle weet nie wie hulle is nie. Sien? So dis net soos 'n man wat geld

in die bank het, en nie weet hoe om 'n tjek uit te skryf nie; die ander een kan 'n tjek uitskryf, en het nie geld in die bank nie.

16 Nou, as jy daardie twee bymekaar kan kry! As die Pinkstermense hulleself kon vestig! Soos ek gisteraand gesê het (ek glo hierdie waarlik met my hele hart.), die Pinksterkerk was in 'n beter toestand. . . ek—ek was nie 'n prediker in daardie dae nie, en ek dink nie ek was nie, was waarskynlik nie op aarde in daardie dae nie. Maar die ou Azusastraat dienste waarvan julle so baie praat, en wat ek die boeke van gelees het, die vroeë Pinksterkerk, dertig of veertig jaar gelede, was in 'n beter toestand vir die koms van die Here as wat hulle nou is. Hulle was regtig heel-plat-op-die-aarde Christene, en hulle het dit gelewe. Hulle het dit geglo.

17 Nou, ons het onsself *geklassifiseer*, en ons het ons organisasies en denominasies wat gebaseer is op klas. En ons het kleinkinders daarin wat ingeneem is deur aanneming ensovoorts. Ons het nie die ou lyn van Pinksters wat eers doodgegaan en regtig deurgekom het met God, daardie ware opregte geloof nie. Hulle het net vir God gevra, en hulle het hulle met olie gesalf, en het aangegaan en gesond geword.

Vandag kan God afkom en Homself wonderbaarlik toon, reg onder die mense en alles, en, net sê: "Wel, ek reken dit was baie goed."

18 Julle het te veel onderrigting gehad, op soek na nuwe Lig. Dis waarna Eva gesoek het, toe haar oë verblind was. Sien, gaan net terug na die Bybel en bly reg by die ou trant. Moenie daardie ou paadjie van die eerste liefde, en die eerste ding wat na jou toe gekom het, verlaat nie. Lewe saam met die Heilige Gees. Moenie agter een of ander ander verrukking aangaan nie. Bly reg by God, reg in Sy Woord. En die Heilige Gees sal jou nooit enigiets laat doen wat teenstrydig is met hierdie Woord nie. Dit sal reg in die Woord bly, want die—die Woord is God.

19 Gisteraand het ek gepraat oor die onderwerp van *Verwagtinge*, en vanaand, sou ek vir die siekes bid. Nou, in die komende deel, volgende, van môre-aand af, wil ons begin met die evangelistiese soort Boodskap, miskien *Die Koms Van Die Here*, *Die Merk Van Die Dier*, *Die Seël Van God*, *Die Honderd-vier-En-Veertig Duisend*, *Die Vier Perderuiters Van Openbaring*. Wel, ek glo daardie boodskappe is wat ons by die mense moet uitkry, om hulle wakker te maak, hulle te skud, om vir hulle te wys dat ons. . . Ek het die groot resultate gesien in *Die Sewe Kerktydperke*. Ek sou weer daardeur gaan, as ek gedink het dit sou hier help. Hoedat die. . . God dit geseën het.

20 Nou, laat ek die mense waarsku, weer en weer: Moenie verwag dat die laaste skudding van God in die Kerk, 'n universele ding gaan wees nie. Dit gaan nie wees nie. Dis vir die Kerk. Dis die groot dinge wat met die mense sal gebeur in die klein

minderheid. Dis die klein groepie wat God skud om gereed te maak, te gaan. Daardie is in elk geval gedaan. Sien? Nou, dis Skriftuurlik en Bybel.

21 Nie lank gelede nie, het 'n pastoor van 'n sekere groot stad na my toe gekom, en hy het gesê: "Wel, ek word oud." Gesê: "Ek is al iets oor die twintig jaar hier, en ons het sommige van die magtigste dienste gehad." Dis Chicago, dis Mattsson-Boze.

22 Hy het gesê: "Ek het verlang, Broer Branham, en hiernatoe gekom en 'n profesie van die Here gehad as ek hiernatoe sou kom, ek die magtige hand van God hierdie plek sou sien skud voor dit tyd is om te vertrek."

23 Ek het gesê: "Broer Joseph, eerlikwaar," ek het gesê: "jy is 'n groot teoloog, en jy is 'n groot man van . . . 'n Doktor van Godsgeleerdheid. Daar's geen twyfel daaroor nie. Ek kan nie daarby kers vashou nie." Maar ek gesê: "Maar my dierbare broer, jy het swak geestelike onderskeiding."

24 Dis waar die kerk te kort skiet vandag, is daardie geestelike onderskeiding om te sien wat God doen. En hulle kyk ver bo-oor iets hier wat net hier aangaan, en dit sal verby wees voor julle daarvan weet.

Het Jesus nie van Johannes gesê nie . . . ? Die dissipels het gesê: "Hoekom sê die skrifgeleerdes dat Elía eers moet kom?"

25 Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom en hulle het hom nie geken nie." Dis reg. Hulle het nooit geweet Elía was 'n profeet, eintlik nie, behalwe net die Kerk. Hulle sou hom nie behandel het, sou hom nie "kaalkop" genoem het, en so aangegaan het nie. Hulle het dit nie geweet nie.

26 Hulle het nie geweet dat Johannes regtig waarlik die profeet van God was nie. Hulle het gedink hy is een of ander mal man daarbuite in die woestyn, wat die mense in water probeer verdrink. Maar hy het nooit in die stede en dinge ingegaan nie. Hy het buite in die woestyn gebly, vreemd, eienaardig. En hulle het gedink hy is 'n fanatikus, die manier wat hy aangetrek het. Maar die Kerk, die geroepte Kerk, wat geroep is om dit te sien, hulle het sommer gou herken dat hy 'n profeet was.

27 Hulle het nie geweet Jesus was die Seun van God tot Hy dood was, en begrawe, en weer opgestaan het nie. Baie van hulle weet dit vandag nog nie. Dis waar. Hulle het nooit geweet nie, hulle . . .

28 Die Katolieke kerk het Sint Patrick nooit aanvaar nie. Sy skole was almal in Noord-Ierland. Hy het teen die Katolieke biskoppe geprotesteer, en nou maak hulle hom 'n heilige. Wel, die Katolieke kerk het Johanna van Arkel verbrand, skreeuende op die brandstapel, omdat hulle gesê het sy was 'n heks. Die meisie het visioene gesien. Sy was 'n dienaar van God. Omtrent 'n honderd jaar later het hulle dit erken, na sy al klaar dood

en begrawe was. So hulle het bely, daardie priesters se liggaam opgegrawe wat haar doodgemaak het, hulle in die rivier gegooi.

29 Hulle weet dit nooit tot dit verby is nie, en die Heilige Gees gee nou vir die Kerk haar laaste oproep, en doen presies wat die Bybel gesê het dit sou doen, en die Pinkstermense gaan bo-oor dit, deur dop te hou vir iets. O, goeiste. Moet dit asseblief nie doen nie.

30 Luister. As ons verwag dat Christus kom. . . Glo julle dit? Wel, as ons dit glo, kom ons tree so op. Hoe kan ons verwag dat Christus kom, en ses miljoen dollar in 'n gebou insit? Hoe kry julle hierdie yslike groot goed, en praat van Christus wat kom? Wel, broer, ons behoort, te raak, gereed te maak vir die Wegraping, nie vir nog 'n vyfhonderd jaar verblyf hier op aarde nie. Sien?

31 Daar's iets verkeerd. Dit maak op 'n manier net nie sin nie. Dit—dit maak nie vir my sin nie. Aan hulle vrugte. . . Jy mag dit met jou lippe sê, maar in jou hart. Sien?

Jy sê: "O, ja, ek glo Christus kom." Maar jou aksie bewys anders.

32 Wat as 'n man vir sy vrou sê hy het haar lief en dan wegloop met 'n ander vrou. Sien? Aksie spreek harder as woorde. Dis reg. Maak nie saak wat ons met ons lippe sê nie, ons aksies bewys wat regtig in ons hart is. Dis wat Jesus gesê het: "Skynheiliges, hoe kan julle goeie dinge sê? vanuit die oorvloed van die hart spreek die mond," Sien? En as dit nie is nie, dan is dit skynheiligheid. So julle sien waar God ons sal klassifiseer? Net in daardie Laodicese Kerktydperk, louwarm, wat deur haar lippe praat, maar haar hart is ver verwyder.

33 O God, kom ons draai daardie ding om. Kom ons kom by God uit. Kom ons gaan af na die Skrif en gaan daar af tot ons regtig Pinkster terugkry in die mens se hart, nie terug in 'n organisasie nie, maar terug in die hart van die mense in die organisasies. Sien? Dis wat ons behoort te doen. So God help ons hierdie week om dit te doen.

Ek bid, vas, wag op God. Ek wil my deel doen terwyl ek hier in Kalifornië is. Doen julle julle deel. Gaan uit en kry die mense in.

34 God doen groter dinge vandag as wat ooit bekend was vandat Jesus Christus op aarde was. Dis reg. En dit gaan reg bo-oor die mense se kop, en hulle kyk dit mis. Dis die slegte deel.

35 As hulle dit net sou geweet het, soos Jesus gesê—gesê het van die—die. . . gesê: "As julle net julle dag geken het, as julle dit net sou geken het! Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels sou Ek julle versamel het, soos 'n hen haar kuikens, maar julle wou nie. As julle net julle dag, julle besoek, geken het!"

36 Dis hoe dit vandag is. Dit was altyd; dis wat dit nou is. As ons net die dag van besoek geken het. Maar die besoek duur net voort, en mense soek *hier* ver oorkant vir *iets anders*. En voor jy jou kom kry, is die besoek verby, en daar is dit.

37 Maar soos Hy gesê het: "Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie eers trek nie. Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Amen. O, dis wat ons maak . . .

38 Nou, ons hou daarvan om met mense te praat waar ons hulle baie goed kan laat voel. Maar die beste ding om te doen, as daar—daar iets verkeerd is, kom ons kry dit eers uit die pad uit. Kom ons kry die ding onder by die fondasie. Sien?

39 'n Kêrel het nie lank gelede nie vir my gesê, 'n bekende prediker, een van die beste in die wêreld, hy het gesê: "Broer Branham, jy maak 'n te groot fout."

Ek het gesê: "Verskoon my, broer, sê vir my waar dit is."

40 Gesê: "Jy bestraf die mense te veel," gesê: "jy is, byvoorbeeld, jy—jy skel altyd die—die vroue uit oor hoe hulle aantrek, en jy bestraf altyd *hierdie* en *daardie*." Hy het gesê: "Jy beter ophou daarmee. Jy sal jou bediening ruïneer."

41 Ek het gesê: "Enige tyd wat die Woord van God my bediening ruïneer, God, ruïneer dit baie vinnig, want ek—ek wil dit geruïneer hê." Dit—dis reg. Ek wil iets gee wat reg is. Die Woord van God leer dit.

42 En ek sê: "God gee ons durf, en manne wat sal staan vir die waarheid, ongeag van wat kom of gaan." Dis wat ons nodig het. Die Evangelie is nie iets vir 'n lafaard nie; Evangelie is vir mans, God-geroepe mans.

43 Jy oordeel nooit 'n man volgens hoe groot sy hande is, en hoe breed sy skouers is nie. Ek hoor hulle sê: "O, is hy nie 'n man nie." Ek het mans gesien wat tweehonderd pond weeg, nie een ons man in hom gehad het nie. Dis reg. Jy meet nie 'n man aan sy grootte nie. Dis dierlik. Jy meet hom aan sy karakter. Daar was nooit 'n groter karakter Man as Jesus Christus nie.

44 'n Groot liggaam, 'n muil is frisser as enige man, so jy kan nie, of 'n olifant, so, jy . . . dit sou dierlik wees. Maar 'n man is nie watter groot spiere hy het nie. Ek meet hom nie daaraan nie, maar hoe die sakke in die knieë van sy broek is, waar hy gebid het. Dis die man wat gemeet moet word: karakter.

45 Jesus was 'n klein Man, klein Kêrel, waarskynlik met krom skouers. Op dertig jaar oud, het Hy vyftig gelyk, het die Bybel gesê. Maar daar was nooit 'n man op aarde soos Hy nie, en sal nooit wees nie. Hy—Hy . . . die Bybel het gesê: "Daar was nooit enige skoonheid aan Hom dat—dat ons Hom sou begeer nie. Toe ons Hom gesien het, het ons, as't ware, ons gesig van Hom verberg," en dit alles.

46 Maar tog, het dit God behaag om—om Hom te slaan. En Hy is geslaan, geplaag, en verdruk. Hy het ons ongeregtighede gedra, is verbrysel vir ons ongeregtighede, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. O, dit behoort aantreklik te wees vir mense. Dit behoort regtig te wees. Dit behoort die hart te roer.

47 Maar julle weet wat die probleem is? Ons het die Woensdagaand biduur weggeneem, en 'n televisieprogram ingesit wat al die mense vermaak. "En waar die hart is, die skatte is, daar is die hart ook." En wat laat mense na dinge van die wêreld toe gaan? Wel, ek. . .Julle weet, rede waarom julle dit doen? Is. . .Die rede waarom mense dit doen? Wat maak dat 'n man wil dronk word? Wat maak dat mense wil maak soos wat hulle maak? Die wêreld. Wat sou 'n persoon by die huis laat bly op Woensdagaand weg van 'n biduur, om 'n sekere televisieprogram te kyk, waarom sou hulle dit doen?

48 Is omdat daar iets in hulle is wat begeer om bevredig te word. Hulle wil. . .Daar is 'n klein plekkie in 'n man se hart of 'n vrou se hart, en God het daardie plek vir Homself gemaak. Hoe durf julle die dinge van die wêreld neem en dit daarin sit waar God vir Homself gemaak het om daarin te wees.

49 God is ons vreugde. God is ons plesier. God is ons satisfaksie. Dis waar dit hoort, *hierbinne*; laat God inkom, en dan is die ander dinge so dood, jy gee glad nie eers enigiets meer om vir hulle nie.

50 O, mense is baie godsdienstig, was altyd. Soos ek nou die aand daar oorkant gepreek het, 'n herlewing bring altyd 'n tweeling voort, soos Esau en Jakob: man van die wêreld, en die man wat die geboortereg wil hê. Sien? Dis altyd, daar is elke herlewing wat dit voortbring.

51 Hierdie laaste-dag, herlewing het dieselfde ding gedoen. Dis waar. So kom ons kom aan die Jakob-kant, die een wat gaan erf, die een wat in die beloofde land ingaan. En ons kan nie tevrede wees om net kerk toe te gaan en ons naam op die boek te sit nie. As ons is, is daar iets verkeerd. Kom ons hou aan hoër en hoër klim, tot ons daardie beloofde land bereik.

52 Nou die dag gepreek by die Christen Sakemanne se konvensie in Phoenix, Arizona, daar in—in die balsaal, ek het gesê: "Min kon Israel ooit dink, toe hulle geskree en dans het in die Gees, en Miriam met daardie tamboeryn na hulle die Dooie See oorgesteek het, en die slawedrywers dood gesien het agter hulle, min sou hulle kon dink hulle was veertig jaar van die beloofde land af." Hulle kon dit nie glo nie. Hulle was net omtrent vier dae weg.

53 Maar hulle moes hê 'n, julle weet, moes opgaan na Eksodus 19 en hulle grootste fout maak wat hulle ooit gemaak het: moes opgaan en 'n wet kry, sodat hulle kon stry en organiseer, en hulleself vergader.

54 Genade het vir hulle 'n profeet voorsien. Genade het vir hulle 'n lam voorsien. Genade het vir hulle wonderwerke voorsien. Genade het vir hulle die grootste herlewing gegee wat hulle ooit gehad het. Genade het al hierdie dinge voorsien, en tog wou hulle 'n wet hê.

55 Dis presies waar ons vaders in Pinkster gestaan het omtrent veertig jaar gelede. Genade het voorsien. Hulle was almal eendragtig. Elke. . .Pinkster was Pinkster. Maar hulle kon nie tevrede wees, daarmee nie. Hulle moes vir hulle 'n klas organiseer genaamd Gemeentes van God. Nee, hulle moes vir hulle nog een kry: Kerk van God, Vierkant, Eenheid, Tweeheid, Drieheid, Vierheid. En julle het net daar gesit vir veertig jaar. God wees genadig. Ons benodig 'n. . .

56 Wel, hulle het daar gebly tot al daardie mense met daardie soort idee uitgesterf het. Toe eendag, het daar 'n Josua opgestaan, sy arms om hulle almal gesit, en God het gesê: "Julle was nou lank genoeg op hierdie berg gewees. Nou, kom ons gaan noordwaarts, ons sal oorgaan, die belofte verkry."

57 God kan Baptiste, of Metodiste neem, of wat Hy ook al wil. Maar iemand gaan oor. Dis reg. En solank ons nog ons klassieke idees het en rondsit dat ons is. . . O, julle sal net daar bly. Dis net presies.

58 O, laat ons opstaan. Kom ons kom daaruit. Goeiste, skud julleself en besef God is steeds God, Hy is, moet bly, as Hy ooit God was, is Hy steeds God. Hy verander nie na ons weë nie. Ons moet, ons weë verander na Sy weë. O, ek wou nie eers daardie gesê het nie. Ek net. . .

Ek—ek sal nou 'n Skrifgedeelte lees. Goed. Johannes 12:20. Ek gaan net 'n vers hier lees.

> *En daar was sommige Grieke onder dié wat opgekom het na. . .die fees. . .om te aanbid:*
>
> *Hulle het na Filippus gegaan, wat van Betsáida in Galiléa was,. . .hom* gevra *en gesê,* Menere, *ons wil Jesus graag sien.*

Nou, blaai na Hebreërs 13:8.

> *Jesus Christus dieselfde gister,. . .vandag, en tot in ewigheid.*

Hoeveel glo dit plegtig met julle hele hart?

Nou, môre-aand gaan ons verder na die evangelistiese dienste. Vanaand gaan ons. . .gee ons dit vir Goddelike genesing.

59 Nou, daar's een ding om oor enigiets te praat, en dan is daar 'n ander ding om dit waaroor ons praat, waar te maak. En dis alles God se Woord, en enigste ding wat dit nodig het, is geloof, om enige Goddelike belofte in werking te stel. Dis reg. As God

die belofte gemaak het, dan het God 'n verpligting teenoor Sy belofte.

60 Nou, ek wil hê julle moet my net julle onverdeelde aandag gee vir 'n paar minute. As julle my omtrent dertig minute sal gee, en dan sal ons die gebedsry roep, en 'n paar minute, kan ons huis toe gaan.

61 Nou, die eerste ding is: Glo julle dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid? Glo julle dit, plegtig? Is Hy dieselfde in beginsel? dieselfde in krag? die—dieselfde krag wat Hy eers gehad het? dieselfde medelye? As Hy hier was, wat Hy vandag is, sou Hy net presies optree soos Hy het toe Hy vantevore hier was?

62 Of, dink julle Hy het na tweeduisend jaar 'n bietjie wyser, 'n bietjie slimmer geword, weet hoe om 'n kerk anders te maak? En Hy sou soort van moes om verskoning vra oor wat Hy gedoen het met—met die Pinksterkerk eers, sodat Hy net vir Homself 'n ander Pinksterkerk maak vir die laaste eeu? Sou dit Sy idee wees?

63 Nie as Hy dieselfde is nie. Hy sou dieselfde idees hê. En Hy was God, so Hy kan nie verander nie. "God was in Christus om die wêreld met Homself te versoen." So Hy sou dieselfde idees hê, en dieselfde beginsels, dieselfde krag, en dieselfde Kerk. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

64 Nou, eendag was daar 'n paar mense wat Hom nog nooit gesien het nie, wat in 'n diens ingesteier het, of, om te gaan aanbid bo by Pinkster. Hulle het van Hom gehoor. So hulle het na een van Sy diensknegte toe gekom en gesê: "Meneer, ons wil Jesus graag sien." En deur vir hierdie dienskneg te vra, het hierdie dienskneg Jesus vir hulle gebring.

65 Nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en julle het julle hande opgesteek dat julle Hom graag wil sien, waarom kan ons Hom dan nie sien nie? Dis die vraag. Kan ons Hom nie sien nie? As Hy dieselfde is, waarom kan ons Hom dan nie sien nie?

66 Julle het julle hand opgesteek soos daardie Grieke. Julle wil Hom graag sien. Ek steek my hand op. Ek wil Hom graag sien. En Hy het belowe dat Hy met ons sal wees en ons nooit sou verlaat nie. "Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die voleinding." Hy's altyd hier, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Wat is dan die probleem? Hoekom kan ons Hom nie sien nie?

67 Nou, as Hy in ons midde sou inkom vanaand. . .Nou, as jy 'n vreemdeling is, mag jy hierdie dalk nie verstaan nie, maar ek wil hê jy moet net die skanse laat sak, en stilsit vir die—vir die res van die diens, en goed luister na hierdie Woorde, beloftes wat ek vir jou gaan lees, wat hier uitgeskryf is in die. . . op hierdie papier, uit die Bybel uit. En ek—ek wil vir julle 'n paar beloftes lees en uitvind of Hy steeds lewendig is of nie, om

te kyk of ons Christengodsdiens die ware godsdiens is, en of ons Pinksterbegrip daarvan waar is, óf of dit verkeerd is.

68 Selfs, glo ek in, nou, selfs in al sy foute, kies ek dit steeds om die kerk te wees, nou, nie omdat hulle Pinkster is nie. Pinkster is nie 'n organisasie nie. Nou, julle Baptiste en Metodiste onthou dit, Katolieke en Presbiteriane, julle kan nie vir God organiseer nie. Jy organiseer nie vir God nie. Pinkster is 'n ondervinding wat Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Katolieke, en *almal* ontvang.

69 Nou, ek het altyd gesê: "As 'n man 'n Katoliek is, en hy maak staat op die Katolieke kerk vir verlossing, is hy verlore. En as hy 'n Baptis is en staat maak op die Baptiste kerk vir verlossing, is hy verlore. As hy Pinkster is en staat maak op die Pinksterkerk vir verlossing, is hy verlore.

70 Maar as hy 'n Katoliek is en staat maak op Jesus Christus, is hy gered deur geloof, sy eie geloof. As hy 'n Baptis is, of 'n Pinkster, en kyk na Jesus Christus vir verlossing, want dis deur geloof wat julle gered word, en dit deur die genade van God, dis reg, julle persoonlike geloof in Jesus Christus is wat julle red.

71 Nou, as hierdie Sy Boek is . . . Ek het 'n onderhoud gehad met 'n Katolieke priester nie lank gelede nie. Hy het na my huis toe gekom om te vra oor of ek 'n sekere meisie gedoop het wat . . . toe sy 'n babatjie was, of, 'n dogtertjie omtrent vyftien jaar oud, sy het hertrou, en Katoliek hertrou. En sy . . . hy moes haar oordoop. Die biskop het vir my 'n paar vrae gevra. En hy het my gevra of ek haar gedoop het, en ek het vir haar gesê: "Christendoop deur onderdompeling."

En hy het gesê: "Die Katolieke kerk het dit altyd gedoen."

Ek het gesê: "Wanneer?"

So hy het teruggegaan en gesê: "In die dae van die Bybel."

Ek het gesê: "Sê jy dan dat die—die Bybel is . . . Die Katolieke kerk die Bybel geskryf het?"

72 Gesê: "Jesus Christus het die Katolieke kerk georganiseer en Petrus die hoof daarvan gemaak en die twaalf apostels; en dit was die eerste Katolieke kerk."

73 Ek het gesê: "Dan as dit onfeilbaar is, en nie verander nie, waarom is daar nog soveel veranderinge gemaak? Wel, julle het tienduisend vroue hierbuite na wie julle bid, dooie mense. En daar's net een Middelaar, het die Bybel gesê, tussen God en die mens, en dis die Man, Christus Jesus, geen Marias, of niks anders nie. Sien?" Ek het gesê: "Hoekom?"

Hy het gesê: "Wel, jy sien, Mnr. Branham, ons is nie veronderstel om oor die Woord te stry nie."

74 Ek het gesê: "Ek stry nie oor die Woord nie. Ek vra jou net." Ek het gesê: "Ek het Hislop se *Twee Babilons*. Ek het die oudste geskiedenisse wat ek kan kry. Hier's die *Niceense Vaders*, die

Niceense Raad, die Pre-Niceense Raad, en alles, net hier in my studeerkamer. Wys my enige plek waar daar 'n Katolieke kerk was tot 305. Wys my waar dit was."

Hy—hy het gesê: "Jy haal geskiedenis aan."

75 Ek het gesê: "Hoe weet ek daar was 'n George Washington hier, net deur geskiedenis? Wys my iets anders." Sien? En ek het gesê. Dis presies reg. God het nooit 'n kerk georganiseer nie, en dit was nooit God se plan om dit te doen nie. Organisasies se moederkerk is Katoliek, en al die res van hulle kom van daardie selfde organisasies af volgens Openbaring 17. Dis presies reg. Breek gemeenskap af. . .

76 Ons is almal een. Pinkster is vir Metodis, Baptis, Katoliek, Presbiteriaan: "Wie ook al wil, laat hom kom, vrylik drink uit die fonteine van die waters van die Lewe." Reg. Nou, as Jesus is die. . .

77 Nou, ek praat nie teen hierdie organisasies nie, maar wanneer julle 'n heininkie rondom sit. . . Soos 'n dingetjie wat ek eenkeer gesien het, 'n apie wat bo in die boom gesit het. En hy het gesê, oorkant toe gekyk na die ander apies toe, gesê: "Julle weet hulle sê vir ons dat. . . vertel ons, of, hulle sê daaronder dat—dat hulle van ons af kom." Hy het gesê hy kon dit nie glo nie.

78 Gesê: "Sou ek my boom hier omhein sodat my mede-aap nie hiernatoe kan kom om 'n kokosneut te kry wanneer hy dit wou hê nie? Sou ek sê dat ek die enigste aap is wat daar in die—in die bome is?" Wel, gesê: "As dit het, dan het die aap-ras geval." Dis, wel, dis ook omtrent reg. Ja.

79 Wanneer ons iets probeer afkamp. . . God kamp dit nie af nie. Hy breek die omheinings af, het die middelmuur van skeiding afgebreek en, almal in een in Christus Jesus. Die Heilige Gees is vir ons almal, dat ons almal die glorie van God kan sien.

80 In al my dienste, het ek Hom nooit hoor sê: "Wel, hierdie kêrel is 'n Presbiteriaan, so hy kan nie genees word nie. En hierdie een is Baptis, so hy kan nie genees word nie." Hy genees nie mense op daardie manier nie. Dis op grond van hulle geloof en nie hulle denominasie nie. Reg.

Nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. . . Die Katolieke kerk sou sê: "Sekerlik, ons glo dit. Ons glo dit in ons kerk."

Baptis sou sê: "Ons glo dit in ons kerk."

Die Katoliek sê: "Ons glo dit" in daardie kerk.

81 Nou, as ek hierdie praatjie sou baseer op Baptis, die kerk waaruit ek kom. . . As ek dit op Pinkster sou baseer, of as ek dit op enigeen van die organisasies van Pinkster sou baseer, mag ek maar net sowel stop. Dis al.

82 Maar daar's net een ding om te doen. Daar moet iets reg en iets verkeerd wees. Dis presies reg. Jy kan nie die verkeerde en regte op dieselfde tyd kry nie. Ons het 'n vals dollar omdat dit van 'n egte dollar af gemaak is.

Nou, wat—wat is die verskil? Hoe sou ons dan weet? Die Katolieke kerk sê: "Ons is die oudste organisasie."

Pinkster het gesê: "Wel, ons het destyds daar voor die organisasie al begin."

Goed, ons sal net voortgaan met al *hierdie*.

Die Baptis het gesê: "Ons het begin van Johannes af. Hy was die eerste Baptis, selfs nog voordat Jesus op die toneel gekom het."

Wel, jy sou allerhande argumente gehad het. Maar kom ons neem dit terug en vind uit.

83 Nou, wat as ons dorp toe sou gaan en soek na Jesus, dat Hy dieselfde is? Ons sou 'n man sien aankom met 'n kleed aan soos wat Hy gedra het, en hierdie—en hierdie sielkundige gedagte daarvan dat Hy lang hare gehad het. Ons het geen rekord daarvan, dat Hy ooit lang hare gehad het nie. Ons weet nie.

84 Maar sê ons het—ons het 'n man gesien wat gelyk het soos die kunstenaar se skildery wat van Jesus geskilder is, en hy het littekens in sy hande gehad, littekens in sy voete, en—en doringmerke, ensovoorts, en gelyk soos, miskien, die Hofmann se skildery van Hom, was die *Hoof van Drie-en-dertig*, of miskien een of die ander een, soos die inspirasionele, of—of een of ander skildery, kan dit steeds nie Jesus wees nie, want ek sal julle sê hoekom: Want geen mens sal Jesus op aarde sien in 'n fisiese liggaam tot Hy eers na die heerlikheid gaan nie; want ons sal weggevoer word Hom te ontmoet in die lug. Dis reg.

O, Hy het gesê in die laaste dae, sal daar valse Christusse wees, en alles wat sê: "Kyk, Hy's in die woestyn; in die binnekamer; moet dit nie glo nie."

85 Maar Hy's hier in die vorm van die Heilige Gees, en die Gees wat in Christus was, sal dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het, want dis dieselfde Lewe. As jy die lewe van 'n—van 'n wynstok in 'n komkommerrank sit, sou dit druiwe dra. As jy die lewe van 'n perskeboom in 'n—in 'n wildevyeboom sit, sou dit perskes dra. Sien? Presies. Want dis die lewe wat daarin is, wat voortbring.

En die Lewe wat in die Kerk van Jesus Christus is, sal die werke en merke van Jesus Christus dra.

En die Kerk is 'n individu. God werk met Israel as 'n volk, maar die Heidene as individue. Nou, julle begryp dit, nie waar nie? Sien? Individueel . . .

'n Volk—'n volk sal gered word wanneer Israel kom. Dit sal net oornag gebore word wanneer Israel na God toe sal kom op een slag.

Maar dan, wanneer die Heidene, is dit individueel. 'n Volk het Hy uit die Heidene geneem vir Sy Naam, wat Sy Bruid vorm.

86 Nou, wat sou ons dan vanaand doen as ons wou uitvind in wie se kerk Hy is? As ek wou sien of Hy in die Pinksterkerk is, as ek wou sien of Hy in die Baptiste kerk is, of die Katolieke kerk (die oudste organisasie), of watter een ek sou. . .? Lutherse, wat volgende na die Katolieke is, en Wesley kom volgende, en verder aan soos daardie. As ek sou oorgaan, na daardie kerke sou kyk, waarna sou ek soek? 'n Man wat soos Hy sou lyk? Nee. Daar mag baie mans wees wat soos Hy sou lyk, net presies. Waarna sou ek soek?

87 Dan sou ek soek na 'n man wat 'n Lewe in hom het. Ek sou soek na 'n Kerk wat 'n Gees in hulle gehad het net soos Sy Gees. Sien? Ek sou soek om Sy werke te sien. Hy het gesê: "Hy was in My glo (Johannes 14:12), Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Is dit reg? Dan ons. . .Hy het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

88 Nou, vind jy in die vertaling daar, het dit gesê: "Groter as hierdie sal hy doen, sal hy. . . " maar die, eintlik, is die regte vertaling daarvan. . .Ek het die *Emfatiese Diaglott*, en dit sê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook, en *meer* as hierdie sal hy doen," nie groter nie, want hulle kan nie groter doen nie. Hy het die dooies opgewek, die siekes genees, die natuur gestop. Daar's niks wat groter kan wees nie. Maar dit—nie in kwaliteit nie, maar in *kwantiteit* kan Hy groter wees.

89 Want dan Hy. . .God was in een Man, Christus Jesus; in Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon. Nou, toe daardie Vuurkolom afgekom het by Pinkster, het julle opgelet, het Vuurtonge op elkeen van hulle gaan sit. Voor hulle in tale begin praat het, was daar Vuurtonge. Dit was God wat Homself verdeel het vanaf die Vuurkolom in elke lidmaat van Sy Kerk in. God wat Homself verdeel het sodat Hy universeel oral op een tyd kan wees.

90 Op hierdie oomblik vind daar genesingsdienste plaas in Afrika. Die kreupeles loop, die blindes sien, regoor die wêreld, die universele Kerk van die Here Jesus Christus in individue, mense wat lewe en Hom dien. God wat Homself verdeel en Homself buite onderling geplaas het.

91 "Daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, en die Vader in My, Ek in julle en julle in My." Sien? Sien? "Ek sal wees. . .'n Klein tydjie en die wêreld (kosmos daar, die wêreldorde), sal My nie meer sien nie. Tog sal julle, die Kerk, My sien, want Ek, *Ek* is 'n 'persoonlike voornaamwoord,' Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die voleinding van die wêreld." Dis reg. "Ek, Ek sal met julle wees. . . " Sien, die universele Kerk van die Here Jesus Christus. "Ek sal met julle wees. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

92 Nou, kom ons dink nou net ’n oomblik wat Hy toe gedoen het. Kom ons kyk watter soort werke Hy gedoen het, en hoe Hy Homself bekendgemaak het. Nou, ons neem, byvoorbeeld, Hy was die Messias genoem. En die *Messias* beteken: “die Gesalfde Een,” die Christus. Hy is belowe vanaf die tuin van Eden, destyds daar in Genesis.

93 Nou, ons gaan net terug en vind uit. Nou ons—ons het vanaand gelees uit Johannes 12. Kom ons gaan terug na Johannes 1, en dan sal ons uitvind wat Hy was. En as ons kan vind wat Hy was, en aan watter kerk Hy behoort het, na watter organisasie toe Hy gegaan het, dan, as dit ons organisasie is, kan ons tevrede wees daarmee.

94 En ons sal uitvind wat Hy was, en wat Hy toe was, en wat Hy toe gedoen het, behoort Hy dieselfde ding te wees, en dieselfde ding vandag te doen, want Hy het gesê Hy sou. Sou dit die kerk tevrede stel? Wel nou, kom ons gaan net terug en vind uit.

95 Nou, ek sal aanhaal, en lees julle. Wanneer—wanneer julle huis toe gaan, neem hierdie hoofstukke soos ek na hulle verwys hier. En dan, wanneer ons het. . . sou ons ’n konstante genesingsdiens hê, ons hou net aan slaan van Genesis tot Openbaring om te wys dat hierdie die waarheid is.

96 Nou, jy mag jou gevestigde idees hê (die Fariseërs het ook) van wat die Messias sou doen wanneer Hy kom. Maar Hy het ’n bietjie anders gekom. Tog het Hy presies gekom soos wat die Skrifte gesê het, die manier wat Hy. . . hulle. . . Skrifte gesê het Hy sou kom. Nou, kom ons kyk net ’n oomblik na Hom.

97 Ons vind uit, na Sy geboorte, tot dertig jaar oud, het Sy kleinneef, Johannes, in die woestyn gedoop. En Jesus het soontoe gegaan en is gedoop, en die hemele het oopgegaan, en hy het die Gees van God sien neerdaal soos ’n duif. En Hy het in die woestyn ingegaan en is versoek deur. . . veertig dae deur die duiwel, teruggekom met Sy bediening.

98 En die eerste ding wat Hy begin doen het, vind ons uit hier in Johannes 1, Hy het begin rondgaan en die siek mense genees. En toe was daar ’n man met die naam van Andréas, wat in Hom geglo het. Kom ons vat hom net vir ’n oomblik. Kom ons neem nou hoe hy Homself bekendgemaak het as die Messias.

99 Nou, onthou dat God altyd tekens en wonders gee. Hoeveel glo dit? Nou, in die Ou Testament. . . Nou, luister goed. Glo vor-. . . Dit sal nie lank neem nie. As ons julle kan kry om die Boodskap te sien, sal julle. . . daar nie ’n persoon hierbinne in ’n rolstoel wees nie. Daar sal nie ’n siek persoon in hierdie gebou wees binne veertig minute van nou af, as julle sou luister en dit goed begryp nie.

Nou, kom ons bewys dit net. Dis wat die Bybel gesê het. “Beproef alle dinge.” Nou, as Hy die belofte gemaak het, moet Hy die belofte hou.

100 En God, in die Ou Testament, as ’n profeet geprofeteer het, of ’n dromer ’n droom gedroom het, was die manier wat hulle uitgevind het of dit waar was of nie, dat hulle afgegaan het na die Urim Thummim. Die pastore ensovoorts weet daarvan, die borsplaat van Aäron. Hy het twaalf stene gehad van die geboortestene van die aartsvaders. Dit het aan ’n paal gehang in die tempel. En wanneer die profeet begin profeteer het, of die dromer die droom vertel het, maak nie saak hoe werklik dit geklink het nie, as dit nie daardie konglomerasie van ligte daarbinne weerkaats het nie, was die bonatuurlike nie aan die werk nie. So hulle het die boodskap geweier.

101 Ek gee nie om hoe goed dit klink, hoe dit pas by Dr. *So-en-so* se teologie, of hoe dit pas by die. . .*hierdie* kerk of *daardie* organisasie nie, hulle het dit veroordeel omdat die bonatuurlike nie opgetree het nie. Amen.

102 Ek begin godsdienstig voel. Ja, meneer. Waar daar ’n bonatuurlike God is, gaan daar bonatuurlike dinge gebeur. Jy kan dit net nie keer nie. Dit gaan net so wees.

103 Nou, let op, nou, toe daardie priesterdom geëindig het, Aäronse priesterdom, toe is daardie Urim Thummim weggeneem. Maar God het ’n ander Urim Thummim, wat Sy Woord, die Bybel is.

104 Nou, as God ’n belofte in die Bybel maak, en dan as jy dit ontvang, sal die bonatuurlike belofte ’n bonatuurlike manifestasie maak, want God sal Sy Woord bevestig. Absoluut. As dit dit nie doen nie, dan is dit nie die Woord van God nie. As dit nie is nie. . .

105 Dan—dan as ons geloof nie groot genoeg is nie, moet dit nie ontken nie, as God die belofte gemaak het, sê: “Dit is so, maar ek het nie genoeg geloof om dit te doen nie,” laat die ander kêrel dit doen.

106 As ek nie genoeg geloof het om te begin wandel soos Henog het, ’n middag-wandelinkie te neem en Huis toe te gaan saam met God nie, sal ek nooit in iemand anders se pad staan wat wel genoeg geloof het om dit te doen nie. Ek sal sê: “Prys God vir daardie broer, hy het reguit uit die aarde uitgeloop, ek’s net dankbaar daarvoor, ek—ek kan dit nie doen nie, maar hy. . .Ek’s dankbaar hy het dit gedoen. Ek. . .” Sien? Ek glo dit, en ek wil nie in enigiemand se pad staan wat geloof het om God se Woord te laat bevestig word nie. Nou, dit moet uit die Woord uit kom.

107 Nou, toe Jesus gekom het, het Hy na Sy Eie toe gekom, die Jode. Nou, ons vind uit Hy het ’n Messiaanse teken gehad wat Hom gevolg het. Johannes het daarvan getuig, en dit het gelyk soos ’n—’n duif, ’n Lig, wat neerdaal uit die Hemel. Hy het dit opgelet. Nou, toe daardie Lig, of duif, in die Seun van die mens ingekom het, let ons op wat plaasgevind het.

108 Andréas, kom ons begin met hom. Ons. . .Nou, in Johannes 1, die 1ste hoofstuk, is ek in. Ons vind uit dat Andréas, sodra hy in die Here Jesus Christus geglo het, hy gegaan het om Simon Petrus te kry. Sy naam was toe Simon, en hy het vir Simon gesê: "Nou, jy moet kom kyk." Kom ons luister in op hulle gesprek. Hulle is albei vissermanne.

109 Ek kan vir Simon sien, miskien die ouer een van die twee, gaan sit op die rand van die boot en sê: "Andréas, nou jy weet ons is albei Fariseërs, want ons volg ons ou vader, die Fariseër. En ek onthou, Andréas, voor vader gesterf het toe ek nog 'n jong seun was, eendag na ons heeldag buite op die meer visgevang het, het ons ingekom; en vader het hard gebid dat hy sou vis kry. En reg op die laaste uur het ons vis gevang vir ons brood die volgende dag. O, ek kan sien hoe—hoe moeder altyd op haar knieë is om te bid. Hoe ons God vertrou het om ons te help."

"O, sekerlik, broer Simon. Ek onthou dit baie goed."

110 "Wel, ek onthou," (Simon) "my vader het eendag vir my gesê terwyl hy my hare gestreel het, en ek my hande op sy grys hare gesit het, en hy gesê het: 'Simon, my seun, ek wou altyd gelewe het om die dag te sien wanneer ons Verlosser, Messias, sou kom. Maar ek word nou oud, so ek veronderstel ek sal nie in staat wees om Hom te sien nie, Simon. Maar jy's 'n jong seun. Sonder twyfel sal jy Hom in jou dag sien.

111 "'Nou, daar gaan baie verwarring wees. Is altyd, Simon. Net voor die bonatuurlike plaasvind, sal daar baie valse dinge plaasvind. Maar ek wil hê jy moet hierdie onthou, Simon, dat wanneer die Messias kom, die Messias die teken van die Messias sal hê. En jy sal Hom ken deur die teken.

112 "'Moses het so gesê, want Moses het gesê, die—in, oorkant in die hoofstuk van—van Deuteronomium, vind ons hierdie, dat Hy gesê het dat die Here. . .'" (Deuteronomium 18:15, as julle dit wil neerskryf om dit te lees. Lees die res van die hoofstuk, ondertoe.) "'. . .dat die Here julle God 'n profeet soos ek sal oprig. Dit sal gebeur dat wie ook al nie sal luister na hierdie profeet nie, uitgedelg sal word onder die volk.'" Sien?

113 "Nou, hy het gesê: 'Nou, onthou, Simon, daar mag groot kragtige sprekers opstaan. Daar mag groot manne wees wat sal opstaan. Maar onthou, as Jode, weet ons dat God 'n Profeet na ons toe stuur, 'n Messias-Profeet. En die rede. . .Nou, ons het nou vierhonderd jaar gehad, vanaf Maleági, wat ons nie enige profete gehad het nie, maar wanneer die Messias kom, sal Hy 'n God-Profeet wees. Ons sal Hom daaraan ken. Nou, moet dit nie vergeet nie, Simon.'"

114 Nou, hy sê: "Andréas, jy mag sê hierdie is 'n groot man. Hy kan die mense betower. Maar vir my, moet Hy 'n Profeet wees omdat die Messias. . .

En ek het jou hoor praat van daardie man in die woestyn ensovoorts, Johannes. Hy was, miskien, ook ’n profeet. Ek weet nie.

115 Maar hierdie Messias sal ’n God-Profeet wees. Hy sal ’n Profeet-plus wees. Hy sal meer as ’n profeet wees. Hy sal ’n Profeet-plus wees. Ek sal eendag saam met jou gaan.”

116 Ek kan my net voorstel om vir Andréas, toe, te sien oorgaan na die diens toe om na Jesus van Nasaret te gaan luister, en dan huis toe kom en vir hom ’n paar dinge vertel wat gebeur het. So die volgende dag het Simon miskien besluit hy sou gaan.

117 En julle onthou, die sleutels is vir hom gegee, vir Simon, later. Hy was ’n onkundige man. Hy het nie uit enige van die kweekskole, enige van hulle Bybelskole gekom nie. Hy kon nie eers sy eie naam teken nie, Simon Petrus. Die Bybel het gesê hy was beide onkundig en ongeleerd, maar hulle het opgelet dat hy by Jesus was. Nou, dis die hoofsaak. Dis ware Pinkster. Sien?

118 Nou, ons vind uit dat hy soontoe gegaan het en miskien nader gestap het saam met Andréas, en ’n groot skare mense daarrond. En sodra hy onder die Here Jesus se oë gekom het, het nog gewonder of Hy die Messias was. Nou, gaan ons uitvind wat Messias was.

119 En sodra hy in die Teenwoordigheid van die Messias gekom het, het Hy na hom gekyk, en Hy het gesê: “Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona.” O, goeiste. Dit was genoeg vir hom. Nie net het Hy geweet wie hy was nie, hy het daardie goddelike ou vader geken wat vir hom gesê het wat Hy sou wees. Dit het dit vir altyd afgehandel. Dit was die Messias. Ja, meneer.

120 As dit Messias gister was wat Homself bekendmaak aan Sy Eie, is dit Messias vandag wat Homself bekendmaak aan Sy Eie. Onthou: aan Sy Eie. Ons gaan daarby kom binne ’n oomblik.

121 Nou, wat was dit? Daar het baie daar gestaan, miskien, wat dit nie verstaan het nie. Maar Simon het dit geweet, want hy het gesoek na daardie soort Persoon. Hy was gelei deur die Gees. Hy het geweet deur die Skrif dat dit presies die Messias was. Hy het nie net vir hom geken nie, maar Hy het sy vader geken, en hulle altwee se name genoem.

122 En daar het ’n man daar gestaan met die naam van Filippus, en Filippus het gesê: “Sê, daar’s dit. Ek weet dis Messias.” En om die heuwel het hy gegaan, vyftien myl om die heuwel, om ’n vriend te kry om vir hom daarvan te vertel.

123 Daar is *iets daaraan*, wanneer jy regtig ’n visioen van Christus kry, dan kan jy nie stilbly nie. Jy moet vir iemand daarvan vertel. Net ’n aanraking van Hom, en dit steek jou siel aan die brand.

"Ek moet vind. . .Ek het 'n vriend met die naam van Natánael. Hy's 'n groot man. Hy's 'n goeie student." En om die berg het hy gegaan.

124 Dit het waarskynlik begin aand word toe hy daar aangekom het. Hy klop aan die deur, en Mev. Natánael kom na die deur toe. "Wel, as dit nie ons vriend Filippus is nie."

"O, waar is Natánael?"

"Hy het 'n bietjie gaan stap buite in die boord."

125 Hy het uitgegaan in die boord, en hy het gevind, daarbuite onder die boom, het hy Natánael gevind op sy knieë, miskien, wat sê: "O Here God, U het ons verlossing belowe. Ons soek daarna. Ons het daarvoor gewag. Wanneer sal U dit doen, O Here God? Ek wag vir daardie belofte wat U gee." Staan op, en stof sy—sy klere af soos *daardie*, en hy het omgedraai, en wie anders as Filippus het daar gestaan.

Hy het gesê, sonder twyfel: "Filippus, my vriend."

126 En voor hy enigiets gesê het: "Hoe gaan dit met jou? Is die bome reg?" het hy 'n dringende boodskap gehad, iets egs. Hy het gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het." O, reguit tot die punt. "Kom kyk vir Wie ons gevind het, Jesus van Nasaret, die Seun van Josef. Hy's die Messias. Ek weet Hy is die Messias."

127 O, nou, kan ek my vir Natánael voorstel wat sê: "Nou, Filippus. Nou, ek weet die baie Bybellesse wat ons gehad het, die baie goeie opleidings wat ons saam gehad het. En ons weet, jy en ek weet. . .

128 "Nou, wat het gebeur, Filippus? Het jy iewers aan die diep kant afgegaan? Wel, wat het met jou gebeur, Filippus? Nou, moenie jy vir my kom vertel dat—dat hierdie Messias ooit uit Nasaret kan kom nie. Nou, ons weet, ons het Kajafas se laaste praatjie gehoor, dat die Messias eendag sal kom, en dat Hy waarskynlik sal aanland soos 'n vliegtuig, jy weet, reg buite op die seile van die tempel.

129 "Hy sou na ons organisasie toe kom, want dis die grootste wat daar in die land is. En Hy sou reguit kom. . .En as Hy nie na ons s'n toe kom nie, sal ons dit nie glo nie. Ons sal niks daarmee te doen hê nie, sal nie met die res van hulle saamwerk nie. Nee. Dit het. . .Hy sal na ons toe kom. Ons is diegene. En Hy sal daar uitkom, en Hy sal na Kajafas, die hoëpriester, ons biskop toe kom, en sê: 'Ek is die Messias. Ek het nou gekom om oor te neem.' Seker dis die manier wat dit sal gebeur."

130 Daardie idee het nog nooit die mense verlaat nie. Dis reg. Maar julle weet wat? God doen dinge op die manier wat Hy dit wil doen. Hy doen dit gewoonlik teenstrydig met die manier wat ons beplan het om dit te ontvang, sodat Hy kan—Hy kan. . .

131 Wel, Hy—Hy het Homself verberg vir die oë van die wyses en verstandiges, en Homself openbaar aan kindertjies wat nederig is en wou leer van Hom. Nou, vinnig, kyk wat gebeur het.

Maar ek kan vir Filippus na hom toe hoor gaan met iets wat positief was, nie net woorde wat Hy gesê het nie, maar iets wat Hy gedoen het.

Nou, hoor ek hom sê: "Natánael, jy is 'n student van die Skrif."

"Ja, meneer."

"Watter soort Man sal die Messias wees?"

"Wel, die Messias sal 'n Profeet wees."

132 "Ja, meneer, dit is waar, want Moses het ons vertel, ons leier, hy was, of, sy woorde waarop ons staat gemaak het, en op behoort staat te maak, tot daar 'n Profeet gekom het. En Hy sou die Messias wees, en sou die teken van die Messias toon."

"Ja."

133 "Wel, hierdie Jesus van Nasaret waarvan ek praat. . . Jy onthou daardie ou visserman daaronder wat hulle Simon noem, jy daardie vis by gekoop het daardie keer, en hy nie eers die kwitansie daarvan kon teken nie?"

"O, ja. Ek ken hom, en ek het sy pa goed geken."

134 "Wel, nou die dag het sy broer hom gebring in die gehoor waar Jesus gestaan het. Hy het omgekyk, gesê: 'Jou naam is Simon. Jy's die seun van Jona.' Jy ken hulle albei."

"En Hy het dit gedoen?"

"Ja."

"Wie het Hom daarvan vertel?"

135 "Niemand. Simon is net gebring deur Andréas, sy broer, het daarnatoe gekom. Jy weet dit sou my nie verbaas as Hy jou nie sou vertel wie jy is wanneer jy daar kom nie."

"Wel, ek weet nou nie daarvan nie. Ek sal moet sien. Jy weet, ek was 'n lang tyd 'n ortodokse. So, ek—ek sal moet sien hieroor."

136 En voor jy jou kom kry, die volgende dag toe hulle gekom het, wel, mag hulle in die gebedsry gekom het, of hulle mag in die gehoor gekom het. Ek weet nie. In elk geval, sodra Jesus hom die eerste keer gesien het, het Jesus reguit omgekyk na hom, gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie." Dit het die styfheid uit hom uitgehaal. Dit . . .

137 Hy het gesê. . . Nou, miskien het sommige van hulle daar gestaan, sê. . . Wel, vandag sou hulle sê: "Wel, sekerlik, hy sou weet hy was dit, as gevolg van die manier wat hy aangetrek was, hy was 'n Israeliet." Nee, nee. As die oosterlinge het dieselfde aangetrek. Hy kon 'n Arabier gewees het. Hy kon 'n Griek gewees

het. Sekerlik, hulle almal donker, dra gla-. . .het baarde en tulbande gedra, en dieselfde klere.

Hy—Hy het gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

O, dit het hom so getref. Hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my ooit gesien?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

Luister na hom. "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel." Sien, maak Homself bekend aan Sy Eie.

138 Nou, daar was hulle wat daar gestaan het wat hulleself Sy Eie genoem het. Een van hulle het langs Hom gestaan, en hy het gesê: "Jy weet wat? Ek moet 'n antwoord vir ons kerke gee. Hy het nie na ons organisasie toe gekom nie. So wat sal ons die kerk daarvan sê, wanneer hulle. . .? Ons moet—ons moet iets sê, want iets word gedoen. So ons. . .So wat sal ons vir ons kerk sê?"

Een van hulle het gesê: "Ek sal julle sê." Die klein predikersraad oorkant in die hoek het gesê: "Dis van die duiwel. Dis presies."

139 Maar hulle kon dit nie vir Hom wegsteek nie. Hy het omgedraai, hulle gedagtes onderskei. Hy het gesê: "Julle dit teen My, die Seun van die mens sê, sal Ek julle daarvoor vergewe," maar nou, om hierdie Woord af te breek: "maar eendag, sal die Heilige Gees kom, dieselfde ding doen. Een woord daarteen sal nooit in hierdie wêreld vergewe word, of in die wêreld wat sal kom nie." Die onvergeeflike sonde, om die Gees van God wat die werke van die Messias doen, soos Hy gedoen het, 'n onrein gees soos 'n fortuinverteller te noem.

140 Gesê: "Hy's Beëlsebub, 'n fortuinverteller. Hy lees hulle gedagtes. Hy—Hy het 'n telepatie, 'n verstandstelepatie, en Hy kan hulle gedagtes lees. Dis wat Hy doen." Hulle kon nie sê Hy het dit nie gedoen nie, want dit was net daar, voor die mense.

141 Maar kyk na hierdie manne wat verordineer was tot die Lewe. O God! Hulle name is onsterflik vandag. Hulle is in Heerlikheid by Christus. Hulle het dit herken as die Messias. Hy het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God, die Koning van Israel."

Hy het gesê: "Omdat Ek dit vir jou gesê het, glo jy? Kom dan saam met My. Jy sal groter as hierdie sien." Maar omdat hy geglo het!

142 Nou, as dit gister die teken van die Messias was, en Hy's dieselfde Messias vandag, sal dit dieselfde ding vandag moet wees as wat dit gister was. Dis hoe Hy Homself bekendmaak aan Sy Kerk.

143 Nou, daar is net drie rasse mense op die aarde. Dis Gam, Sem, en Jafet se mense; en daardie dag, wat gereken is as Jood, Heiden, en Samaritaan. Nou, die Heidene, ons Anglo-Sakse, ons was heidene gewees in daardie dae. Ons het afgode aanbid, Romeine, ensovoorts, met knuppels op ons rug; en ons het nie na enige Messias gesoek nie. En onthou, Messias kom manifesteer Homself net aan hulle wat na Hom soek.

144 Die rede waarom ons nie vandag hierdie dinge sien nie, ons soek nie na hulle nie. Ons kyk na ons kerke, ons denominasies, ons groot strukture, hoeveel ons groei. Kry julle oë daarvan af. Kyk na die Messias. Ons is aan die eindtyd.

Nou, let op wat gebeur het. Toe het ons uitgevind dat Hy gekom het. Nou, daar is . . . Hy het gemaak . . . dis hoe Hy Homself bekendgemaak het aan die Jode.

145 Nou, gaan ons neem, 'n paar bladsye omblaai na Johannes, die 4de hoofstuk. Hy was op pad na Jerigo. As enigiemand ooit in Palestina was, dis aan die onderkant van Jerusalem. Dis waarheen Hy op Sy pad was. Maar Hy moes, langs Samaria verbygaan bo-op die berg. Wonder hoekom? Nou, in Johannes 5:19, 5:19, sal julle hierdie lees: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen . . . " Sien, Hy was 'n Profeet, die Profeet-deel van Hom. Nou, Hy is meer as 'n profeet. Moenie dink Ek maak Hom net 'n profeet nie. Ek doen dit nie.

146 Ek het Suster Florence 'n rukkie gelede hoor sing. Ek wil hê sy moet, een aand, hieronder, sing, *Bo Uit Sy Glorie*. Ek is lief vir daardie lied. Dit weerspieël die Oppergodheid van Jesus Christus. In die dae wanneer hulle probeer om Hom net 'n profeet te maak, was Hy 'n God-Profeet. Hy was meer as 'n profeet. Hy was God wat gemanifesteer was; maar Sy teken van Messias was 'n profeet.

147 Nou, ons vind uit dat toe ons Hom daar gesien het, wat daar gestaan het; gaan dan op na Samaria. Nou, die Samaritane was ook half Jood en Heiden, wat God aanbid het. Nou, ons vind uit dat Hy soontoe gegaan het, en dit was omtrent elf of twaalfuur. Hy het Sy dissipels weggestuur om lewensmiddele te koop, kos; afgegaan na Samaria. Hy het gaan sit by die put, waarskynlik 'n panorama, iets soos hierdie pragtige prentjie hieragter, daarbuite by die put gesit. As julle ooit by Samaria was, en die openbare stadsput daar opgelet het, dis steeds daar.

148 En dit was omtrent elfuur in die dag. Daar was 'n vrou wat uitgekom het om 'n bietjie water te skep. Kom ons dink sy was mooi, soos party van die dames van vandag, maar dit was net 'n bietjie anders. Dan vind ons uit dat sy . . . [Gemeente lag—Red.] Ja. Ek het aan haar gedink, wat gaan hê . . . haar lang hare laat hê.

149 Ek het gedink aan daardie vrou wat Jesus se voete gewas het, julle weet, met haar trane en hulle afgedroog het met haar hare. Dit sou moeilik vir haar wees . . . Sy sou vandag op haar kop moes staan om genoeg hare te kry daaronder om Sy voete mee af te droog. Hulle het dit alles afgeknip. Die Bybel het gesê: "Dis haar glorie," so sy knip net haar glorie af. Ek weet nie hoekom nie. Miskien het sy hierbo na iemand gekyk waarvan sy meer gedink het, bo in Hollywood. Maar hoe dit ook al sy . . .

150 Julle—julle sal my 'n fanatikus noem. Julle sal my 'n malle noem as julle wil, maar op die Oordeelsdag sal julle uitvind dis SO SPREEK DIE HERE. Reg. Geen wonder ons het 'n kerk wat sterwend is nie; nie sterwend nie, maar dood. Dis reg. Die Gees van God is bedroef en het dit verlaat. Ons weë het Hom bedroef laat weggaan. Ons verskille, en ongevoeligheid teenoor Hom, is wat dit gedoen het. Ek wil julle nie seermaak nie. Ek's nie hier om julle seer te maak nie. Ek's hier om julle wakker te maak. God wees genadig.

151 Gee ons krag en moed om by God se Woord te bly, Dit te bring ongeag van wat dit beteken, wat dit sê. Ons neem predikers om geld in te bring, om toe te gee, om groot televisieprogramme te bestuur, en sulke dinge, toe te gee aan die mense. Nie ek nie. Ek sal liewer op my maag lê, en rivierwater drink, en sodabeskuitjies eet, en die waarheid preek, as om daar te staan voor die kerk op die Oordeelsdag, en veroordeel te wees saam met hulle.

152 My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. My skatte is nie in hierdie wêreld nie. My skatte is in die Hemel, en my belangstelling is God se mense, Sy Kerk.

Jy moenie een of ander pastoor se vrou, of een of ander prediker se vrou, of evangelis se vrou naboots nie. Jy moet die Bybel naboots. Dis reg.

153 Vandag moet ons inpas. 'n Vrou kan 'n sekere rok kerk toe aantrek, of 'n sekere haarstyl hê, en elke vrou wil dieselfde ding dra. Doen dieselfde ding in albei geslagte. Ek gee nie om of my baadjie by my broek pas of my das by my hemp pas nie. Ek wil hê my ondervinding moet by God se Bybel pas. Dis die soort inpas wat ons vandag nodig het, 'n herlewing van daardie soort inpas, met die Gees van Jesus Christus wat onder ons woon.

Dis . . . [Leë kol op band—Red.]

154 Hulle kan nie vermeng soos wat hulle doen hierbo in Los Angeles, en hierrond nie. Hulle kan nie vermeng nie. Jy kan nie nou die een van die ander onderskei nie. Hulle lyk almal dieselfde. Daardie dae was dit anders. As 'n vrou sleg was, was sy as sleg gemerk. Sy het eenkant gebly; sy het nie geassosieer met die res van hulle nie. Nou, is dit net soos om 'n—'n eier te neem en in die middel daarvan te krap. Maak net die hele ding geel. Sien? So dis wat dit nou is.

155 Kyk, ek het hier gelees waar 'n voordr-. . . verdraaides, liewer, oor die nasie en in Los Angeles, hoe dit is; o, dis verskriklik. Julle toename is omtrent dertig persent teenoor verlede jaar. Wat 'n. . . Wel, dis 'n Sodom.

156 O, mag God die mense hier skud, gevoel, 'n herlewing iewers wat die Pinksterkerk weer sal terugskud na sy positiewe, Vuur spoeg oor die gehore dat die mense hierdie uur kan verstaan waarin ons lewe, wat aan die slaap sit, soos, natuurlik het die Bybel gesê hulle dit sou doen, neem ek aan. Wel, daar het julle dit.

157 Nou, hierdie vrou kom uit. En sy, miskien het sy daardie tyd uitgekom; miskien was sy heelnag uit en het geslaap tot daardie tyd. Maar in elk geval, sy het uitgekom met 'n waterpot. Sy het die toutjies onderaan gesit, met die hakies, en die slinger laat sak om die water te skep. En toe sy amper haar water opgetrek gehad het, het sy Iemand hoor sê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

Nou, onthou sy's 'n Samaritaan. Nou, Hy het hierdie teken van Messias gewys aan die Jode. Nou, hier is die Samaritane. "Vrou, bring vir My water om te drink."

158 Sy het gesê, oorkant toe gekyk, en sy het gesê: "Wel, nou," ek sal dit maak, dit afbreek: "ons het segregasie hier. Dis nie die gebruiklik vir U, as 'n Jood, om vir my, 'n vrou van Samaria, so-iets te vra nie." En sy het gesê. . .

159 Hy het waarskynlik daar gesit, wat Hy—Hy nie ouer was as iets oor die dertig jaar nie, maar die Skrif het gesê, Johannes 6, het gesê Hy het gelyk soos vyftig. Gesê: "Jy's nie 'n man van vyftig jaar oud nie en jy sê jy het vir Abraham gesien."

160 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Dis reg. Sien? Sy werk het Hom waarskynlik afgebreek, mag miskien 'n bietjie grys gewees het, of iets.

161 Terwyl Hy daar gesit het en sy na Hom gekyk het, Man wat omtrent vyftig jaar oud gelyk het wat teen daardie muur sit, gesê: "Dis nie die gebruiklik vir julle Jode om ons Samaritane te vra nie."

162 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink." Wat het Hy gedoen? Nou, julle sal my woord hiervoor moet neem. Hy het haar gees probeer kontak. God het Hom soontoe gestuur. God het my na hierdie kerk toe gestuur. Ek ken julle nie. Sien? Ek ken niemand van julle nie.

163 Maar God het Hom soontoe gestuur. Hy moes na Samaria toe gaan. Hoekom? Hulle het gesoek na 'n Messias. Hy het, soontoe gegaan en hulle gewys Hy was Messias. So Hy het daar gesit. Hierdie vrou het gesê, met Hom gepraat, gesê, om 'n gesprek te voer, gesê: "Die put is diep, en U het niks om mee te skep nie."

Gesê: "Ons vaders het op hierdie berg aanbid, ensovoorts, en U sê by Jerusalem. . . " En die gesprek het voortgegaan.

164 Wat het Hy probeer doen? Te vind waar haar probleem was. Nou, luister nou mooi. Te vind waar haar probleem was. Nou, wat is dit? Die Messias gaan Homself bekendmaak aan Sy Eie in Samaria (Sien?), aan die Samaritane. Hoe Hy dit gedoen het aan die Jode, moet Hy dieselfde ding doen aan die Samaritane. Sekerlik. Hy moet Sy Eie roep deur dieselfde. . .

165 Onthou wat ek gisteraand gesê het? As God ooit 'n besluit maak om 'n ding op 'n sekere manier te doen, moet Hy dit elke keer op dieselfde manier doen. As Hy dit nie doen nie, het Hy 'n fout gemaak toe Hy dit die eerste keer gedoen het. Sien? Jy gee nie vir een 'n stuk mieliebrood en vir die ander een 'n stuk koek nie. Dis alles dieselfde, net presies. Sien? Nou, let op, Hy is, Hy—Hy—Hy is oneindig, volmaak, almagtig, alomteenwoordig. Nou, ons het daar gesien dat hierdie Samaritaan, nou, hoe gaan Hy Homself bekendmaak aan 'n Samaritaan? Die vraag is tussen Hom en die vrou.

En na Hy 'n paar minute na haar gekyk het, die Vader het Hom soontoe gestuur, so Hy—Hy het gesê: "Gaan, kry jou man en kom hier."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

"O," het Hy gesê: "dis reg. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie. So jy het reg gesê."

166 Ek kan daardie mooi, groot bos krulhare sien val oor haar skouers, en haar groot bruin oë, en die trane wat teen haar wange afrol. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is." Watter verskil tussen daardie prostituut, en daardie predikers. Sy het meer van God geweet as die helfte van hulle. Dis baie so vandag, ook. Dis reg. Ja.

167 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is." Sy het gesê: "Ons weet, ons Mess- . . . ons Samaritane, ons weet dat wanneer die Messias kom, dit die teken is wat Hy sal doen. So U moet Sy Profeet wees. Ons weet wanneer Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel; maar Wie is U?"

O, goeiste. Daar was nog altyd net Een wat dit ooit kon sê. Hy het gesê: "Ek's Hy Wat met jou praat."

Sy het dit herken. Dit was die Messias wat sy geleer is wat sou kom. Sy het geweet Hy sou 'n Profeet wees, 'n God-Profeet. So sy het gesê. . .

168 Sy het haar waterpot laat val, of, dit neergesit, of wat, en sy het in die stad ingehardloop. En kyk na haar boodskap. Sy het ingehardloop, gesê: "Kom sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste teken van die Messias nie? Is hierdie nie die einste Messias nie? Sê die Skrifte ons nie dat wanneer Hy kom, is dit wat Hy sal doen nie?"

169 En die Bybel het gesê dat die manne van daardie stad Hom geglo het om die Messias te wees as gevolg van die getuienis van die vrou wat Hy haar die dinge vertel het wat sy gedoen het. Is dit Skrif? Johannes 4.

170 Nou, ek sien my tyd raak op, so ek sal nou moet opskud en die gebedsry hê. Wil julle nie te lank hou nie. Sien? Maar hierdie, wat die laaste genesingsdiens is, sover ek nou weet, tot Sondagaand. Maar nou, wag. Laat ek nog een klein—klein hamer hier kry om hierdie spyker hier in te slaan om dit te laat vassit.

171 Nou, daar was die Jode: Hoe het Hy Homself bekendgemaak aan die Jode as Messias? Deur te wys dat Hy die God-Profeet was. Is dit reg? Julle stem almal saam daarmee? Nou, onthou, Sy Eie, Sy Eie. Die ander Jode, net die gewone Jode, daardie klassieke predikers, en kerkmanne wat daarrond gestaan het met 'n D.D.D., Ph.D., LL.D., wat daar gestaan het, julle weet, met hulle agterstevoor krae, as't ware, en die tulbande op, en alles soos daardie, hulle het gesê: "Dis—dis verstandstelepatie. Moenie . . . Sien? Kyk na sy klas. Kyk waar hy vandaan gekom het. Wat is hy om mee te begin? Van watter skool af het hy gekom? Waar het hy hierdie geleer? Ons het geen rekord van hom wat ooit ons kweekskole bygewoon het nie, so jy weet hy kan nie reg wees nie. Hy behoort nie aan die Gemeentes nie. Hy behoort nie aan die Eenheid nie. Hy behoort nie aan die Kerk van God, die Baptiste, Presbiteriane, of Katolieke nie. Ons het geen rekord dat hy in ons skole was nie."

172 Ek weet ek maak seer, maar my mamma het altyd vir my gesê . . . Ons was klein kindertjies, ons . . . julle . . . ons het so arm gelewe—gelewe, daaragter in die berge, ons moes—moes mieliebrood eet, julle weet, en die vet van spekswoerd kry. Ons sou kry en die mieliemeel maak. En elke Saterdagaand moes ons 'n—'n bad neem en 'n sluk kasterolie. So ons sou gereedmaak vir Sondagoggend, teruggaan skool toe. Dit—dit was so sleg, ons—ons kos, ons sou pellagra en alles kry. Raap-groente, en swart-oog-ertjies, en mieliebrood, en sorghum molasse, dis omtrent waarop ons grootgemaak is. So ons moes daardie kasterolie neem, en Mamma het altyd . . . Ek sou begin om dit te drink, ek sou sê: "O, Mamma. Asseblief, asseblief, dit maak my so siek."

En sy sou sê: "As dit jou nie siek maak nie, help dit jou glad nie."

173 So miskien sal dit julle geestelike gastronomie iewers roer, wat julle sommer lekker siek sal maak; wat mense die Skrifte sal laat ondersoek, want Hulle is die waarheid. Hulle is die Woord van God. Hulle is die Onfeilbares. Hulle is Dié wat getuig van die Messias. Amen. Hy staan by Sy Woord. Amen.

174 Ek "amen" nie myself nie, maar *amen* beteken "laat dit so wees." Ek—ek glo dit met my hele hart, dat hemel en aarde sal verbygaan, maar daardie Woord nooit sal verbygaan nie.

Let op, hierdie Samaritaanse vrou. Die Samaritaan moes besef dat Hy die Christus was.

Nou: “Wat van die Heidene, Broer Branham? Jy laat hulle uit.”

175 Nie een plek in die Skrif waar Hy ooit daardie teken gedoen het voor ’n Heiden nie. Kry dit en wys dit vir my. Dis nie daar nie. Nee, meneer. Dit is nie daar nie. Hy het Sy Messiaanse teken vir hulle gewys wat gesoek het na ’n Messias. O, verstaan dit asseblief goed. Dis dieselfde ding wat Hy vandag doen. Nou, ek sal julle wys hoekom.

176 Nou, let op. Voor Hy weg is, egter, het Hy geprofeteer van die Heidense tydperk. Nou, die Jode, hulle het vierduisend jaar gehad om te glo in ’n Messias, en die Samaritane van ver terug in die tyd van Moses af, toe hulle met hierdie Moabitiese vroue getroud is, ensovoorts, en opgebreek en basters geword het, ensovoorts. Nou, hulle het almal al hierdie jare gehad om te soek na ’n Messias, en daar was sommige *opregtes-van-hart* daarbinne, kyk nou: Sy Eie.

Sê dit saam met my: “Sy Eie.”

177 Hy het Homself bekendgemaak aan Sy Eie, kyk nou, baie van die Jode het Hom nie geglo nie. Net omdat hulle Jode was, dit was niks, maar diegene wat hulle name op die Boek van die Lewe gehad het vanaf die grondlegging van die wêreld.

178 Julle onthou, die Bybel het gesê dat almal, die antichris in die laaste dae, wat die godsdienstige organisasies was . . . Ek gaan daarby kom hierdie week, as die Here wil, of volgende week, sien (goed), en bewys dis die antichris. Die Bybel sê dit. Dis reg. “En hy het almal verlei wat op die aarde gewoon het wie se name nie geskryf was in die Lam se Boek van die Lewe, wat geslag is voor die grondlegging van die wêreld nie.” Dit wanneer dit was. Sien?

179 Nou, hulle wat: “Almal wat die Vader gegee het (verlede tyd) sal na My toe kom. My skape ken My Stem.” Nie as gevolg van ’n geslag of ’n ras nie, maar: “My skape ken My Stem.” Nou, kyk.

180 Nou, jy sê dis Calvinisties. Ek’s nie nou ’n Calvinistiese nie. Ek glo dat sekuriteit saam met die Kerk gaan. Presies reg. Maar as jy in die Kerk is, word jy beveilig daardeur. Maar is jy in die Kerk, die volgende ding? Nou, daar’s dit. Nie omdat jy sê jy is nie, dit sit jou nie daar nie.

181 Nou, maar, let op, broer, verlaat nou daardie onderwerp, sodat ons kan teruggaan na die Samaritaanse vrou. Nou, kyk wat Hy daar gesê het. Nou, sy het gesê: “Wel, sekerlik. Ons weet dis die Messias. Hy sal daardie teken doen wanneer Hy kom.”

182 Nou, voor Jesus weg is, in die Boek van Lukas, het Hy gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die Koms van die Seun van die mens.” Het julle dit al ooit gehoor? Nou,

laat ons. . . Hy het eers gesê, omtrent Noag se tyd, Hy het gesê Noag s'n: geëet, gedrink, getrou, uitgegee in die huwelik.

183 Maar in Sodom, nou, kom ons kyk. Nou, daar is altyd drie klasse mense. Hou hulle goed dop. Nou, Sodom het presies die drie klasse mense verteenwoordig, soos dit het in Noag se tyd, toe die wêreld deur water vernietig is. Nou, in Sodom was dit deur vuur vernietig. Is dit reg? Nou, let op. Daar was drie klasse mense en drie Boodskappers. Nou, Abraham het "Sy Eie" verteenwoordig.

Sê dit weer: "Sy Eie."

Abraham en sy groep was buite Sodom, en die einste woord *kerk* beteken "uitgeroeptes, afgesonderdes."

184 Lot het sy keuse gemaak met sy organisasies, en soontoe gegaan, die burgemeester van die stad geword. En sy vrou het behoort aan al die verenigings, en 'n Hollywoodstyl aangesit, ensovoorts. Sien wat met haar gebeur het? Sy staan nog steeds daar as 'n soutpilaar. Nou, maar daar het sy begeer om Hollywood te wees. Julle sien? Sy wou soos die res van die wêreld wees.

185 Maar Sara was die mooiste vrou in die hele wêreld, en sy het haar keuse gemaak saam met haar man en daarbuite gewoon in die arm deel van die land, sodat sy God kon dien en erfgenaam kon wees van die belofte. Wat 'n verskil.

186 Nou, toe dinge swaar gegaan het, nie yslike groot, mooi dinge nie, maar swaar gegaan het: Eendag het Abraham in die skaduwee van die eik gesit, en hy het daar uitgekyk, moes omtrent rondom die middag gewees het, en hy het drie Mans sien aankom, stof oraloor Hulle klere. Nou, hou daardie twee Skrifte, nou. Nou, hy het Hulle gesien, stof oraloor Hulle klere. En Hulle het nadergekom. En Abraham, wat geestelik was en gewag het om daardie belofte te sien, hy het dit vinnig (Hy was die "uitgeroepte.") herken. Daar was iets vreemds aan daardie Mans.

O, natuurlik mag Hulle gesê het: "Aangename kennis, meneer? Ons is Vreemdelinge. Ons het van 'n vreemde land af gekom."

187 Hy het gegaan om hulle te ontmoet, gesê: "Kom hiernatoe en sit onder die boom. Ek wil net graag 'n oomblik met Julle praat. Laat ek 'n bietjie water kry en Julle voete was, en Julle 'n stukkie brood gee. Dan gaan Julle weer aan. Gaan sit. Dis hoekom Julle hierlangs gekom het. God het Julle hiernatoe gestuur sodat ek kon—ek hierdie vir Julle kon doen."

"Wel," het Hulle gesê: "gaan, laat dit so wees," en gegaan, gaan sit.

188 Ek kan hom sien ingaan, sê: "Sara," ver agter in die tent, gesê: "knie 'n bietjie meel. Kry die sif, en sif 'n bietjie meel hier, of iets,

en maak ’n paar koekies op die vuurherd.” En uitgegaan en ’n vet kalfie gekry, en dit doodgemaak, en dit vir die dienskneg gegee, gesê: “Maak dit gaar.”

En hy het dit gaargemaak, en dit uitgebring voor Hom, neergesit. Nou, kyk.

189 Soos dit was in Sodom, so gaan dit wees, want hierdie is die verbrandingstyd. Glo julle dit? Julle beter dit glo, wanneer waterstof, en atoombomme, en spoetniks, en al die res om julle vlieg, beter julle dit glo, want dit kom.

190 Let op. Nou, wat het gebeur? Hier is wat gebeur het. Die Engele het ’n tydjie daar gesit, drie van Hulle. Hulle het bly kyk oorkant na Sodom. Naderhand. . . Nou, onthou, twee van hulle het afgegaan na Sodom. Hoeveel weet dit? Twee van hulle het afgegaan na Sodom, en hulle het gepreek. O, ’n—’n moderne Billy Graham, sien, afgegaan na Sodom, omdat daar was. . . Lot was daaronder, wat die louwarm gelowige verteenwoordig het, die grenslyngelowige, die denominasionele broer. Hy was daaronder in Sodom by die res van die wêreld. Sy gemeente was baie wêrelds en alles. Maar hy was daaronder.

191 En hulle het ’n moderne Billy Graham afgestuur en vir hulle gepreek, geen wonderwerke nie, hulle net met blindheid geslaan; en die verkondiging van die Evangelie slaan die ongelowige met blindheid. Ons weet dit. Lot is nie—nie—nie blind geslaan nie, maar, met blindheid geslaan nie, liewer, maar die ander is met blindheid geslaan.

192 Nou. Maar nou, ons sien watter soort teken hulle gedoen het: die Evangelie op so ’n manier verkondig wat die regte ongelowige verblind het en Lot uitgeroep het voor die vuur geval het. Is dit reg?

193 Hou hierdie Kêrel dop, wat agtergebly het, watter teken Hy vir die kerk gegee het: “Sy Eie.” Die Een wat agtergebly het, was nie ’n Engel nie. Dit was God. Die Bybel het gesê Dit was God. Abraham het Hom “Elohim” genoem, die selfbestaande Een, hoofletter H-e-e-r. Hy behoort te geweet het. Hy was die een wat met Hom gepraat het. God. . .

’n Prediker het eenkeer—keer vir my gesê, hy het gesê—gesê: “Bedoel jy dit was Jehova God?”

Ek het gesê: “Daardie was Jehova God. O,” ek het gesê: “jy vind net nie uit hoe groot Hy is nie.”

194 Waaruit is ons gemaak? Sestien elemente: kalsium, kalium, petroleum, kosmiese lig. Hy het net ’n handvol geneem en gegaan “Whew! Kom hier, Gabriël, stap hier in.” Sien? “Whew!” Een hier oorkant toe vir nog ’n Engel geblaas. “Whew!” Een vir Homself geblaas. Reguit afgekom, die vleis van ’n kalf geëet, die melk van die koei gedrink, die mieliebrood geëet, en reg voor Abraham verdwyn. Sien?

195 Wel, dis die God wat ons besit. Ek mag dalk nie 'n lepelvol as wees, of jy sal ook nie, maar Hy kan spreek (Halleluja!), ek sal uitkom. Hy sal my roep. Ek's bly dat Hy my ken, en ek's bly dat ek Hom ken. Hy is Jehova. Daar was Hy. Wat het Hy verteenwoordig? Wat Hy sou wees in die laaste dae, in vlees sou woon.

196 Nou, hou goed dop. Nou, ons vind uit dat dit is. . . Kom ons kyk watter soort teken Hy vir Sy Eie gee. Dieselfde as wat Hy het toe Hy op aarde gekom het, God wat vlees word in Christus. Nou, let op, Hy het Sy rug gedraai gehad. En Hy het gesê: "Abraham (Hoe het Hy geweet hy was Abraham?), waar is jou vrou, Sara?" Wat? Geweet dat sy naam Abraham was, geweet dat hy getroud was, en 'n vrou gehad het, en dat haar naam Sara was.

Abraham was verstom, gesê, en die Bybel sê spesifiek Abraham het gesê: "Sy's in die tent agter U."

197 Vroue het nie toe opgetree soos hulle nou optree nie: uithardloop, en hê, hulle man se plek inneem, en na al die besigheid omsien, en stem in politiek, en ouens insit soos hulle so pas ingesit het, en sulke dinge nie. Nee. Hulle het dit nie toe gedoen nie. Nee. Hulle het meer van God af geweet. Sara het Abraham haar "heer" genoem.

Nou, gesê: "Sy's in die tent agter U." In die tent agter U.

198 Hy het gesê: "Abraham (Luister!), Ek (O, genade! *Ek*, daardie persoonlike voornaamwoord weer), Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe, soos Ek vir jou daardie belofte aan die begin gemaak het, vyf-en-twintig jaar gelede."

199 Hier was 'n Man wat mieliebrood geëet het, kalfsvleis geëet het, en melk van 'n koei gedrink het, met 'n bietjie botter op die brood, sonder twyfel, wat daar gesit en dit geëet, en gesê het: "Ek het vir jou die belofte gemaak, en Ek gaan dit doen." Amen.

En Abraham het Hom genoem "Elohim," die Almagtige God. Daar, was, wat daar gesit, gesê het: "Ek gaan jou besoek volgens. . . "

200 En Sara, agter in die tent, het gegaan, gelag, gesê: "Ek, 'n ou vrou hier, 'n honderd jaar oud, en weer genot hê met my heer soos daardie? O, dit kan nie wees nie."

201 En die—die Man wat daar gesit het, het gesê: "Waarom het Sara gelag?" O, watter soort telepatie is dit? Watter soort. . . ? Die vrou in die tent agter Hom. Gesê: "Waarom het sy gelag?"

202 Nou, kyk. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens," dat God Homself sou manifesteer in menslike vlees, Sy Kerk, die Liggaam van Christus, en dieselfde teken sou doen. Daar kry die Heiden dit.

203 Nou. "Menere, ons wil Jesus graag sien." Is Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Sien hoe Hy Homself

bekendgemaak het aan die Jode? hoe Hy Homself bekendgemaak het aan die Heidene? en, of, aan die Samaritane? en dit belowe het aan die Heiden.

204 Nou, ons het tweeduisend jaar gehad, dit was nooit in die kerk nie. Maar in die aandtyd sal dit Lig word. Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees waar dit nie nag of dag genoem sal word nie, maar in die aand sal dit Lig word."

Nou, luister. Laat ek. . .Een dag hierdie week, as die Here wil, wil ek preek oor *Wanneer Die Ooste En Die Weste Ontmoet*.

205 Nou, elke persoon wat enige geleerdheid het, weet dat die beskawing saam met die son beweeg het, van die ooste na die weste. Hoeveel weet dit? Julle weet dit beslis. Beskawing, die oudste wat ons het, is China, en ons het reg rondom gekom. Die beskawing het saam met die son beweeg.

206 Nou, in die oosterse mense. . .Op die oosterse horison kom die s-o-n op en gaan onder in die weste, oor die westerse mense: s-o-n. En die S-e-u-n van God, dieselfde as die s-o-n van God, die S-e-u-n het eerste na die oosterse mense toe gekom, die Jode, en so. . .Is dit reg? Grieke ensovoorts, na die ooste toe gekom.

207 Nou, daar was tweeduisend jaar wat triestig was. Hulle het organisasies gemaak, en hospitale gebou, en hulle het kerke gebou, net gedoen wat Jesus vir hulle gesê het om nie te doen nie. Hy het nooit gesê bou kerke nie. Hy het nooit gesê bou organisasies nie. Gesê: "Verkondig die Evangelie (Dis reg.), manifesteer die krag van God."

208 Maar hierdie goed het hulle plek ingeneem. Hulle het hulle dag gehad. Maar nou: "In die aandtyd," het Hy gesê: "sal dit Lig word." En dieselfde Seun wat op die ooste geskyn het, skyn op die weste. Dieselfde Messiaanse tekens wat daar gedoen is om te bewys was Messias, skyn op die weste. En ons is op die Weskus. Ons is vyfhonderd jaarts, amper, van die see af. En as ons soontoe gaan, waarnatoe gaan ons? Weer terug na China. Die ooste en die weste het bymekaar gekom.

209 Dis hoekom die sonde hier opbottel op die hierdie Weskus. Verskriklik, en dis boos. Tog, ons het altyd vir Frankryk gevra vir patrone. Frankryk vra vir ons om modes by die vroue te kry.

210 Ons Pinkstervroue, skaam julle. Julle Pinkstermans, wat sigarette rook en tekere gaan, en met drie of vier vroue trou, en diakens in die kerke. Skaam julle. God wees julle sondige siel genadig. En julle organisasies van—van Metodis, en Baptis, en Gemeentes van God, en Kerke van God wat dit toelaat. . .

211 Julle sê: "Jy pik altyd op die vroue." Enige man wat sy vrou kortbroek sal laat dra en sigarette rook, dit wys waarvan hy gemaak is. Hy is nie 'n man nie.

"O," sê julle: "jy is—jy is wreed, Broer Branham."

212 Ek's nie. Ek's nie wreed nie. Ek preek God se Woord. Dis presies reg. Skaam julle. Skud julleself en kom tot julleself. Kom terug na God toe. "Dit sal Lig word in die aandtyd." Menere, ons wil Jesus graag sien.

213 Het Hy teruggehou? Het enige profeet ooit teruggehou? Hy het Sy getuienis verseël met Sy Bloed. Ware manne van God sal nooit enigiets terughou vir 'n televisieprogram iewers, of geld inkry, of een of ander yslike groot opvoedkundige program nie. Hy sal die waarheid praat. As dit lewe neem, sal hy die waarheid praat. Dis reg.

214 Hulle mag jou eendag haat, maar daar kom 'n ander dag wat hulle jou sal liefhê, omdat jy die waarheid praat. God se Woord sê dis die waarheid. Daar's geen Skrif in die Bybel vir die gedrag van die Pinksterkerk vandag nie, glad nie, dis teenstrydig daarmee, wat nog van julle Baptiste en Metodiste.

215 Whew! Ek weet dis sterk, maar dis wat ek wil hê dit moet wees, sodat julle sal regkom. En eendag sal julle oorkant by die Oordeelsbank ontmoet. Broer, dis die Woord van God. Julle pastore ensovoorts, het swakker as skottelgoedwater geword. Dis, die kerk is 'n etekaartjie in plaas van die preekstoel. Dis reg.

216 Ons het manne van God nodig wat sal staan en die waarheid vertel, ongeag van wie dit seermaak. As dit diakens, trustees, en al die res uitneem, wees eerlik.

217 Staan vir God, en glo Sy Woord, en God sal daardie Woord bevestig. Dit het eenmaal gefokus; dit sal weer fokus. Maar jy moet daarmee saam fokus. Jy kan nie die geweerloop *so* vashou en verwag dit moet *daar* tref nie. Jy sal dit nie doen nie. Hou dit links en regs. Sal dit nie doen nie. Sal 'n reguit lyn skiet. Ons moet hierdie Skrif kry en Dit reguit skiet. Amen.

"Menere, ons wil Jesus graag sien." Die Bybel het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

Gee ons vyftien minute, sal julle? Die Heilige Gees in die kerk hier.

218 Nou, as ek seergemaak het, vir-. . .Nee, moet my nie vergewe nie. Huh-uh. Moet dit nie doen nie. Gaan net huis toe, dink 'n bietjie daaroor. Ek het nie. . .beteken nie. . .Ek moet partymaal goed sê wat sny soos messe en. . .Maar—maar, broer, ek—ek's verantwoordelik. Ek's verantwoordelik voor God om te sê wat waarheid is. Dan as ek die waarheid gepraat het, sal God dit bevestig as die waarheid. Nou, kom ons kyk of ek die waarheid gepraat het of nie. Kom ons vra Vader om op die toneel te kom. Kom ons vra vir God om te kom en te ondersteun wat. . .as dit die waarheid is. As dit nie die waarheid is nie, sal Hy dit nie ondersteun nie. As dit die waarheid is, sal Hy dit ondersteun.

219 En julle mense wat Hom graag sal wil sien, as Hy sal kom en presies dieselfde ding sal doen vanaand in hierdie kerk . . . Maak nie saak hoeveel Hy my salf nie, Hy moet julle ook salf. Jesus het in Sy Eie streek ingegaan, en Hy kon baie magtige werke nie doen nie as gevolg van hulle ongeloof. Maar toe Hy iemand gekry het wat Hom glo, het 'n vrou die soom van Sy kleed aangeraak en is volkome genees. Ja. Sal julle Jesus graag wil sien?

220 Nou, as . . . Maak nie saak hoe Hy aangetrek sou wees, hoe Hy sou lyk nie, as hierdie Lewe in Hom is, in die man of die mense, sal dit dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het, omdat Hy dit belowe het. Is dit die teken van die Messias nou vir die laaste dae? Hoeveel verstaan dit goed? Steek jou hand op, sê: "Ek verstaan dit. Ek glo dit." Kom ons bid.

221 Genadige Vader, o, hoekom moet ek daardie dinge soos daardie sê? Ek—ek . . . Mense wat my kinders voed, die—die mense wat klere aan my lyf trek, en my pad oor die land betaal, en tog, God, laat hulle verstaan dat ek—ek net probeer om hulle te skud, Here. Ek—ek probeer weer die kerk terugbring na die ou weg. Laat hulle verstaan. Mag die Heilige Gees hulle laat weet dis nie met wreedheid nie; dis nie on- . . . om ongevoelig te wees nie; maar dis om eerlik te wees, Here, en om ongeag die waarheid te praat.

222 Nou, Vader, sal U U waarheid vir ons ondersteun vanaand? Ek het vir hulle 'n sterk stelling gegee dat U dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid. Laat die Heilige Gees vanaand kom, Vader, en hierdie groepie mense hier salf.

223 En laat hulle weet dat hierdie mense . . . Ek sê hierdie dinge, maar dit word hier op band opgeneem. Hierdie bandopname sal regoor die wêreld gaan. Dit sal vertaal word in baie, baie verskillende tale om die wêreld, en mense van oraloor sal dit hoor. En ek moet my woorde weeg, Here, dat hulle waar is; en U Woorde, en nie myne nie.

224 Ek haal U net aan, en bely, soos die Bybel sê, dat U nou 'n Hoëpriester is van ons belydenis. Ek bely U Woord dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Spreek, Here God, en laat die mense weet dat—dat U die Boodskap gegee het, nie U dienskneg nie. Skenk dit, Here.

225 Ons vertrou dit nou alles toe aan U. Ek kan niks meer sê nie. En een Woord van U sal meer wees as wat enige prediker kan preek in 'n miljoen jaar, net een Woord. Ons weet Dis daar, ons weet Dis die waarheid.

226 En nou wil ons hê dat U die Woord bevestig met tekens wat volg, soos U belowe het, dat hulle kan weet dat ek vir hulle die waarheid vertel het, dat U die Messias is. Hierdie groot Vuurkolom waarvan hulle die foto hier het, en van Duitsland, van Switserland, van regoor die land, waar hulle dit afgeneem

het, dat dit dieselfde Vuurkolom is wat saam met die kinders van Israel gegaan het.

227 Toe Hy hier op aarde gekom het, vind ons uit daardie Vuurkolom het in 'n liggaam, die Seun van God, gewoon. Ons het die werke dopgehou wat Hy gedoen het. Hy het gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek gaan terug na God toe." Later, na Sy dood, begrafnis, en opstanding het Hy teruggekeer na die Vader.

228 En eendag was Saul van Tarsus op sy pad af na Damaskus om die mense te arresteer, en daardie selfde groot Vuurkolom het hom neergefel, 'n Lig wat sy oë verblind het, hom blind gemaak het vir 'n tyd.

En Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het nie geweet wat daardie Vuurkolom was nie. Hy het gesê: "Wie is U?"

"Dis hard vir jou om teen die prikkels te skop."

"Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek's Jesus."

229 Nou, Here, die wetenskaplike wêreld weet, na hulle die foto geneem het, dat dit dieselfde Vuurkolom is. Dis 'n geheimsinnige Lig wat nie net 'n fenomeen is nie, maar dit het die lens van kameras deur die nasies getref.

230 Nou, as dit dieselfde Gees is, dan sal Dit dieselfde werk doen as die mense hulleself in dieselfde toestand kan kry. Laat dit vanaand wees, Here, dat ek en hierdie kerk, en hierdie broers, dat U Uself mag bewys om Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid te wees.

231 Wanneer ons vanaand vertrek sal ons, soos hulle van Emmaüs, wil ons U dit nou sien doen, die dinge wat U gedoen het voor U kruisiging, en U beloftes dat U dit sou doen, en na tweeduisend jaar, mag U Uself vanaand manifesteer, en wanneer ons huis toe gaan, sal ons sê: "Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy Homself vanaand onder ons bekend gemaak het nie?"

232 En Here, ek glo dit sal die mense laat terugkeer na gebed en vas, en—en dat hierdie kerkie sal groei, en die krag van God daarin sal wees, en profesieë en groot tekens en wonders, en vroue en mans wat sal regmaak en saggies voor God sal wandel. En, o, wat 'n vrees van God sal oor die land kom, Here. Gee hulle groot tekens en wonders. Skenk dit. Versterk U Kerk, Here.

233 O God, roep U mense; trek hulle uit hierdie chaos in die laaste dae. Skenk dit. Ons wag op U, Vader, om met ons te praat in die gebedsry, soos ons roep, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.

Nou, as julle net kan geduldig wees met ons 'n paar . . . [Leë kol op band—Red.]

234 Wanneer het julle dit al ooit sien faal? Dit faal nie, want dis God. Dit kan nie faal nie. God het dit gestuur. En dis net so werklik vir my as wat dit vir julle is om water te drink. Sien? Ek's net so seker dat God op die toneel sal kom, as wat ek op hierdie platvorm staan vanaand, want dis Sy belofte.

235 En as Hy dit sal doen, dan sal dit wys dat Hy dieselfde Messias is wat terugkom. Nou, aan wie? Nie aan die buitekant, die groot organisasies en dinge nie, maar aan die Uitverkorenes (Sien?), aan die Kerk. Sien wat ek bedoel? Sy Eie.

Julle sê: "Hoekom het jy nie 'n reuse groot televisieprogram nie?"

Hy het gestuur na Sy Eie, die Uitverkorenes, die uitgeroeptes, nie die opgetooides nie.

236 Jesus het nie afgewys nie. Hy was nie 'n afwyser nie. Hy—Hy. . .Hulle het gesê: "Hoekom kom jy nie weg van daardie klomp daaronder op die rivier nie? Jy lol net met 'n klomp sogenaamde holy-rollers," julle weet. "Kom hiernatoe en wys vir Kajafas wat jy kan doen." Hy het dit nooit gedoen nie. Uh-huh. Hy was, het nederig, stil gebly.

237 Hy het na Sy Eie toe gekom, aan. . .Hy het Homself bekend gemaak aan Sy Eie, voor die Jode, hulle wat Hom geweier het, hulle het aangegaan na die Ewigheid. Hulle wat Hom ontvang en dit geglo het, hulle naam is onsterflik, en sal vir ewig wees. Dis reg.

238 Nou, ek is nie Hy nie. Ek's net julle broer. Ek is julle broer, 'n dienskneg van Jesus Christus, hiernatoe gestuur saam met my broers, en saam met julle mense hier, om. . .met 'n gawe wat manifesteer. En as ek tyd gehad het, dit deur die Bybel kon neem hierdie week, en aan julle bewys met Skrif na Skrif, onfeilbare bewyse dat hierdie die uur daarvan is. Moenie dat dit by julle verbygaan nie. Sien?

239 Hier is 'n meisie. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, pragtige jong vrou. Sy mag 'n Christen wees; sy mag nie. Sy mag—sy mag siek wees; sy mag nie. Sy mag finansiële probleme hê, huislike probleme. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Maar hier is 'n volmaakte blik op dit waarvan ek gepraat het.

240 Hier is 'n panoramatjie vanaand. Hier is 'n man en hier is 'n vrou, wat vir die eerste keer in hulle lewe ontmoet. Sy het pas haar hand opgesteek, sy ken my nie, en hier's my hande dat ek ook nie, haar nog nooit in my lewe gesien het nie. Sien? En sy het gesê ek was 'n vreemdeling vir jou. Is dit reg, dame? Hier is ons.

241 Nou: "Menere, ons wil Jesus graag sien." Wat sou Hy doen as Hy op die toneel sou verskyn? Net soos Hy gedoen het die dag by die put, die Samaritaanse vrou. Is dit reg?

242 Nou, wat kan Hy doen? Is om my te salf en vir haar te salf. As Hy dit nie doen nie, kan ek nie een ding sê nie. Hierdie is doofstom tot iets daarin praat. [Broer Branham tik op die mikrofoon—Red.] Ek is ook. Ek ken haar nie. Sy ken my nie. So hoe—hoe gaan ek enigiets van haar af weet?

Nou, wat as ek sou sê: "Dame, is jy siek?"

Sy sou sê: "Ja, meneer, Mnr. Branham, ek is siek."

243 "Glorie aan God! Halleluja!" Skud haar, sê: "Glorie aan God! Aanvaar dit. Halleluja! Gaan maar aan. Jy is genees." Dit kan alles reg wees. Sekerlik, dit sal goed wees. Sy dit sou glo, sou sy gesond word. Beslis.

244 Net soos toe Charlie Fuller eenkeer hieronder gesê het, Broer Fuller, hy gesê het: "Ek glo in hierdie gawes, en ek glo in hierdie groot gawes van genesings ook, maar," gesê: "hulle is gawes van genesing, maar God gaan daardie manne laat antwoord by die Oordeelsbank dat hulle dit gekommersialiseer het." En ek glo dit ook. Hy's reg, daar. Ja, meneer. Moenie vir God kommersialiseer nie. Hy kan nie gekommersialiseer word nie. Maar God sal jou laat betaal vir wat jy doen, die manier wat jy dit gebruik.

245 Nou, dame, ek's 'n vreemdeling. Iemand, sy het 'n gebedskaartjie in haar hand, iemand moet dit kry. Kom hier, Skat. [Die suster praat met Broer Branham—Red.] O, dis—o, dis—dis nie, ek sien, dis iets, iets anders daar. Ek het gedink dit was 'n gebedskaartjie. Verskoon my. O, sy's . . . dis vir . . . sy het iemand anders se kaartjie. Goed.

246 Nou, as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid . . . Nou, ek stel vir julle die Bybel voor, Pinksterkerk, ek bedoel *hierdie*, *hier*, ek stel die Bybel aan julle voor en wat Jesus gister was. Nou, Hy het gesê dat Hy in hierdie laaste dag sou afkom in menslike vlees, soos Hy het in Sodom, en dieselfde ding sou doen. Nou, as Hy sal terugkeer en doen net soos wat Hy gedoen het vir die Samaritane en vir die Jode, sal julle glo Hy is die Messias wat hier in die gebou is vanaand? Steek julle hande op as julle sê: "As Hy dieselfde ding sal doen, sal ek Hom glo."

Wel, hierdie een geval behoort dit af te handel. As julle eerlik is in julle hart, behoort dit dit af te handel.

247 Nou, hier is ons, albei onder eed dat ons nie mekaar ken nie. Goed. Nou, as God iets aan my sal openbaar wat jy gedoen het, wat jy weet ek niks van sou weet nie, of iets wat—wat jy beplan om te doen, waarvan ek niks weet nie, of iets van jou, wat jou probleem is, wat jou siekte is, wat jou kwaal is, of—of *iets dergeliks*, so-iets, sal jy dan glo dat dit Hy was?

248 Dit sou . . . dit sou deur een of ander krag moes kom. As jy glo dat dit Sy krag is, dan kry jy Sy seëninge. As jy glo dis 'n ander krag, wel, dis tussen jou en God. Sien? Ek sou nie weet wat daar sou gebeur nie.

249 Nou, as Hy dit sou doen, sou jy dit aanvaar, as Hy dit sou doen op dieselfde manier wat Hy het in die Bybel, soos Hy en daardie vrou gestaan, en praat het, sou jy dit glo, sou jy nie, dame? En die kerk het gesê hulle sou dit glo. Nou—nou is dit God se tyd om op te tree. Sien?

250 Nou, hier is ons, waarskynlik drie of vierhonderd, driehonderd mense, in elk geval, wat vanaand hierbinne sit. Goed. Kyk hier, voor driehonderd mense, ek het vier, vyfhonderdduisend in Bombaai, Indië gesien, sien, tweehonderd vyf-en-sewentigduisend in Durban, Suid-Afrika. Dit faal nie. Dis God.

251 Nou, as Hy vir jou kan vertel wat jy was, kan Hy sekerlik . . . sou jy glo, jy sou weet of dit waar is of nie. Wanneer Hy spreek, sal jy weet of dit waar is.

252 Wel, as dit is, en Hy sê wat jy was, wat van wat jy sal wees? Jy kan dit dan maklik glo, kan jy nie, as Hy dit sou vertel? Goed.

253 ’n Jong vrou, nou, wat ek nog nooit in my lewe gesien het nie. Sy’s baie jonger as ek, jare uitmekaar gebore, dalk myle uitmekaar uit, en ons eerste ontmoeting. Maar nou, ek praat net met haar om haar gees te vang, net soos ons Here het met die vrou by die put. En ek onderskei nou dat sy ’n gelowige is, en jy ly. Jy wil gebed hê vir een of ander velsiekte wat jy het. As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy?

254 Nou, ek bly, elke diens, voel ek dat, iemand sê: “Hy het dit geraai.” Nou, jy kan nie nou jou gedagtes wegsteek nie. Hy’s hier. Uh-huh. Sien? Julle sê . . . Nou, julle . . . Ek het dit nie geraai nie. Vind uit.

255 Jy het blykbaar ’n goeie kontak met die Gees van God. Nou, ek weet nie wat ek vir jou vertel het nie. Dit was nie ek nie. Dit was Hy. Dis op die opnemer daar. Ek kon dit terugspeel en weet wat dit was, maar ek weet nie nou nie.

Maar as jy my net sal glo om Sy profeet te wees, of, Sy dienskneg! (Daardie naam laat mense struikel, sien.) So, as jy net glo met jou hele hart!

256 Ja, meneer, dis ’n siekte van die vel. Dis wat ek vir jou gesê het. En—en hier’s nog iets. Jy kry hoofpyne, baie erg hoofpyne. En dan, is daar twee kinders wat ek sien jy voor gebed verlang. En die oudste een ly aan ’n senuweetoestand. Die jonger een ly aan iets verkeerd met die heup, dis ’n gewas in die heup. As God vir my sal vertel wie jy is, sal dit jou nou laat glo met jou hele hart? Jy weet ek ken jou nie, maar Mev. Bowman, jy kan huis toe gaan. Glo in die Here Jesus Christus en word gesond gemaak. God seën jou, my suster.

257 Glo julle? “Menere, ons wil Jesus graag sien.” Nou, hê net geloof. Nou, hier’s ’n man. Ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie. Hy’s miskien ’n bietjie ouer as ek. Ons is vreemdelinge

vir mekaar. En ek ken jou nie, en jy ken my nie. Maar as God vir my iets kan vertel, of . . .

258 Nou, wees baie stil. Moet niemand rondbeweeg nie. Sien, julle is geeste. Julle sien, elkeen van julle is 'n gees. Weet julle dit? Hierdie is my hand, soos ek gisteraand gesê het, hierdie is my hand; hierdie is my vinger; hierdie is my oor; hierdie is my neus, my oë. Maar wie is ek? Sien, daardie is iets wat aan my behoort. Ek's die gees.

259 Jy's hier vir iemand anders. Jy's nie vir jouself nie. Die persoon waarvoor jy hier is, is baie ernstig siek. Hulle het doodskaduwee oor hulle. Dis 'n kanker. Hulle is nie hier nie. Hulle is in Phoenix, Arizona. Gaan, glo, en hulle sal gesond word. Goed. Soos jy geglo het, so sal dit vir jou wees. God seën jou.

Hê net geloof. Moenie twyfel nie. Glo julle?

260 Wat van jou wat daar sit, dame, in die stoel? Jou net verheug, iets het, net daar, het dit nie? Hierdie dame wat hier sit met haar jas, wat lê met haar hand op, wat *so* na my kyk. Ja, reg hier op die punt. Glo jy dat daardie hoë bloeddruk jou sal verlaat en jy sal reg wees? Goed, dan. Gaan net voort. Jy kan gesond gemaak word.

Wat het sy aangeraak? Sy's dertig voet van my af. Sy het die Hoëpriester aangeraak wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Dis Hy.

261 Ons is vreemdelinge vir mekaar, meneer. Ek ken jou nie. Jy ken, miskien, nie vir my nie, behalwe as dit net by name is, of iewers in 'n diens gesit en my gesien het. Dis, maar om mekaar te ken, ken ons nie mekaar nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar.

262 Nou, as die Here Jesus iets vir my sal openbaar van jou wat jy weet ek nie weet nie, sal jy Hom glo as die Messias? Nie ek nie, maar Hy wat deur my werk. Ek net, 'n gawe, net om myself te onderwerp aan Sy Gees, en ek's uit die pad uit en Hy doen die praatwerk. Sien? Wel, as Hy vir jou sal sê, weet jy of dit waarheid is of nie, sal dit nie? Jy ly, iets verkeerd met die are. Dis spatare. Dis presies reg.

263 Maar ek sien 'n vrou verskyn, iemand vir wie jy bid. Dis jou suster. Sy het 'n senuwee ineenstorting, en jy bid vir haar. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dit waar is, steek jou hand op. Glo nou in die Here Jesus? Gaan, ontvang waarvoor jy gevra het.

In die Naam van die Here Jesus, skenk dit.

264 Aangename kennis? Verskoon my. Ek was nie by mys-. . . buite myself nie, ek het die Lig dopgehou. Ek was nie seker nie. Ek sien waar Dit gestop het, maar ek was nie seker wat—wat gebeur het nie. Jy sien? Sien, ek—ek moet Dit net volg. Sien, ek . . .

265 Nou, jy's gereed vir 'n operasie. Maar glo jy dat God jou kan genees daarvan? Jy het drie vergroeisels op drie verskillende

plekke. As ek hulle vir jou sou verduidelik, sal dit jou help? Een van hulle is in die keel, een van hulle is in die vroulike klier, en die ander een in onder jou regterarm. Mev. Macintosh, dis jou naam, gaan huis toe en glo die Here Jesus Christus en word gesond gemaak, in die Naam van die Here Jesus.

266 Glo julle? “Menere, ons wil Jesus graag sien.” Wel, dis Hy, dis daardie gevoel. Nou, bevestig dit nie dat die Pinksterkerk wat daardie seëning voel, dit die Here Jesus is nie, julle sien? Hy doen dieselfde werke. Dis nie ek nie.

267 Ek ken nie hierdie mense nie. God in die Hemel weet dit. Ek ken nie die mense nie, maar God ken hulle wel. As julle kan glo, is alle dinge moontlik.

268 ’n Vrou het haar sakdoek daar op. Daardie Lig is steeds oor die vrou. Is dit die vrou, wat nou net op die platvorm was, wat haar sakdoek opgelig het? Was jy hierbo?

269 Nee, dis—dis reg agter jou. Die dame reg agter jou, het artritis, wat daar oorkant op die punt sit, glo in die He-. . . dis reg, suster. Amen. Glo jy met jou hele hart? Glo jy daardie artritis sal jou verlaat? Jy glo? As jy artritis gehad het, skud jou hand soos *hierdie* sodat die mense kan weet. Jy het daar gesit en glo, en daardie vrou het gekom met die salwing. Nou, gaan huis toe en wees gesond. Jesus Christus het jou genees. Wat het sy aangeraak?

Ek ken jou nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Dit reg is, sal jy jou hande opsteek saam met my?

270 O, as die mense . . . As julle net sal glo, wat sal net nou gebeur! Daar sou ’n herlewing uitbreek op hierdie Weskus wat om die wêreld sou gaan. As julle net kan besef waarna ek kyk! Ek—ek hoop, sekerlik, ek—ek het guns gevind in julle oë voor God. Ek vertel vir julle die waarheid, en God bevestig dit as die waarheid. Wat God nie begeer om net hier in hierdie kerk te doen vanaand nie! Dis merkwaardig. Maar ek—ek is besig om swak te raak. Julle sien? Kyk net op my hand. Sien hierdie sweet? Dis net . . . Hoeveel weet dat dit jou verswak?

271 Een vrou het Sy kleed aangeraak, Hy het gesê krag het van Hom uitgegaan, en Hy was die Seun van God. Nou, ek’s ’n sondaar gered deur genade. Daniël het een visioen gesien; hom gepla in sy kop vir baie dae. Sien? Glo net.

272 Nou, hierdie man, ons het albei gesê ons is vreemdelinge vir mekaar, ken mekaar nie. Maar God ken ons wel. Nou, as Hy iets van jou aan my kan openbaar, wat—wat jy weet ek nie weet nie, sal dit voldoen dat jy is . . .? Sou die res van julle, selfs die gebedsry, oral, met julle hele hart glo?

273 Hierdie Bybel wat hier lê, en ek en hierdie man wat hier staan, ons het nog nooit vantevore in die lewe ontmoet nie, met ons hande op, ons het nog nooit vantevore ontmoet nie. Nou,

Jesus het gesê Hy het hulle gedagtes onderskei. Hoeveel weet dit? Hoeveel weet dat die Bybel gesê het: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard. En dis ook 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart, die oorlegginge en gedagtes van die hart en verstand." Sê die Bybel dit?

274 Die Woord van God, wel, wat was die Woord van God? Jesus. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." En hier word die Woord gemanifesteer in ons vlees. O God! Sekerlik sal julle dit nie mis nie, sekerlik, sekerlik. Glo.

275 Net 'n gawe, meneer, om te probeer om myself te laat ontspan en jou gees te vang. So vreemd soos dit mag lyk, ek het hulle sien lê-. . . mense dood sien lê. Finland, drie of vier verskillende plekke wat ek in my lewe gesien het, en God my gees my so sou laat verlaat, dat dit in die land sou ingaan, en daardie gees vang, en dit weer reguit terugbring na daardie persoon toe. Dis waar. God in die Hemel weet dis waar. Sien? Nou, omdat dit op jou is, en jy nog onder vrye morele agentskap is, sal jy moet optree. En ek kon dit nie doen tensy dit 'n—'n opdrag van God was wat vir my 'n visioen gewys het nie.

Jesus het gesê: "Ek doen niks tensy die Vader My wys nie."

Dan sou jy sê: "Kan Hy vir jou wys dat ek gesond is, of wat. . ."?

276 Hy kan vir my wys wat jou probleem is, maar jy moet aanvaar, jou geloof. Ek kan jou nie red nie, ek kan jou ook nie genees nie. Dis alreeds gedoen. Maar Hy's nou hier om te wys dat Hy dieselfde God is wat die Woorde geskryf het. Sien?

277 Nou. Ja, jy's baie siek, is besig om gereed te maak, om môre hospitaal toe te gaan vir TB. Dis reg. Glo jy dat ek Sy profeet, of, Sy dienskneg is? Jy glo? Glo jy jy kan. . . jy gaan gesond word, en nou huis te kom, reg gaan wees? Glo jy dit? As ek vir jou sou vertel wie jy is, sou dit jou help? Goed. Walter Kaiser, gaan maar, en glo dit met jou hele hart. Dis reg. Glo met jou hele hart. Hê—hê net geloof.

278 Wat daar sit, meneer, met die grys pak aan, het ook probleme met jou longe gehad. As jy kan glo. . . Ja. Sien? Ja, het longprobleme gehad. Ek het opgelet daardie Lig flits oor jou, sodra hy genees is met wat hy daar gehad het. Hy het ook longprobleme gehad van 'n soort. Dit het oor jou gegaan. Jou geloof het dit beëindig. Gaan huis toe, word gesond. Jou geloof maak jou gesond.

279 Wat reg agter hierdie vrou sit, nog een wat reg hierdeur reg na my kyk nou, sy het longprobleme gehad. Dis kanker, en in die ruggraat ook. Glo met jou hele hart. Grys-kop dametjie, as dit waar is, staan op jou voete. Staan op jou voete. Ek's 'n totale vreemdeling vir jou. Is dit reg, wuif jou hand. Dis wat jou

probleem was. Goed. Ek neem die gesag. Glo jy dat hierdie die waarheid is?

Dan in die Naam van Jesus Christus, bestraf ek daardie duiwel.

Gaan en word gesond.

280 Glo jy dat daardie hartprobleem jou sal verlaat en jy gesond gemaak sal word, en jy sal huis toe gaan, met jou hele hart? Gaan dan, en glo met jou hele hart, en word gesond gemaak.

281 Kom. Wat dink jy? Glo jy dat daardie asma jou sal verlaat, en jy huis toe sal gaan, ophou hoes? Gaan dan, glo dit met jou hele hart, en word gesond gemaak. As jy nie . . .

282 Kom, suster. Hoekom is jy so senuweeagtig? Jy was senuweeagtig vir 'n lang tyd. Goed. Jy is nou genees, gaan glo dit met jou hele hart en word gesond gemaak. Goed, meneer. Dis wat jou laat uitslaan.

283 Goed, dame. Kom. Glo jy met jou hele hart? Jou rugprobleem is genees. Gaan, glo met jou hele hart, en sê: "Dank U, Here Jesus."

Senuweeagtige hart, glo jy dat Hy dit genees? Gaan, en sê: "Dank U, Here" en word genees. Hê net geloof. Dis al wat jy hoef te doen.

284 Kyk hier, dame, na my toe. Glo jy dat ek Sy profeet is? Daardie damesprobleme wat jy het, vroueprobleme, dis reg, gaan en word genees, in Jesus' Naam.

285 Net 'n oomblik. Iets het na die gehoor toe gegaan. Ja, 'n man wat hier reg agter sit, wat ly aan rugprobleme, wat reguit na my kyk. Glo jy, meneer? Goed. Ontvang jou genesing. Word gesond gemaak, in die Naam van Jesus Christus. Hê geloof in God.

286 Die vrou wat daar agter die man sit, het diabetes. Glo jy met jou hele hart? Staan op, die klein grys-kop vroutjie met die bril op. Jy het Iets aangeraak, het jy nie? Staan op; word gesond gemaak. Gaan huis toe, en glo die Here Jesus Christus. Hê geloof.

287 As ek niks vir jou sou sê nie, net hande op jou lê, sou jy kry . . .? jy weet . . .? glo jy dis die Heilige Gees? Kom hier, laat ek hande op jou lê.

Dan, in die Naam van Jesus Christus, word gesond.

288 Nou, kom. Wys net hoe hulle dit kan doen. Sien? Jy weet ek weet wat verkeerd is met jou. Maar as ek niks sê nie, sal dit reg wees, hande op jou lê? Glo jy? Hierdie is een of ander soort salwing. Glo, en jou hartprobleem gaan. Sy wou, so graag, hê ek moes, dit sê.

Goed, kom. In die Naam van die Here Jesus Christus, word genees, en gaan huis toe, word gesond. Hê nou geloof, moenie twyfel nie.

289 Jong dame, 'n rukkie gelede terwyl ek gepreek het, het jy daar reg agter gesit en kyk na my. Jy het omgedraai, na 'n vrou gekyk; 'n baie vreemde gevoel het oor jou gegaan, toe jy, terwyl ek gepreek het, iets gesê het oor die Here Jesus, veral in die dag wat ek van Sodom gepraat het, 'n vreemde gevoel gehad. Onthou jy dit? Dis toe jou vroueprobleem genees is. Nou, gaan huis toe, word gesond.

290 Glo julle met julle hele hart? "Menere, ons wil Jesus graag sien." Is Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Steek julle hande op. Nou, wil ek julle vra, hoeveel van julle is gelowiges? Skud julle hande soos *hierdie*. Goed.

291 Die Bybel het hierdie gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Glo julle dit? As, hierdie, wat Hy gesê het: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen," lê dan julle hande op mekaar. Moenie vir jouself bid nie; bid vir die persoon op wie jy jou hande het. Lê julle hande op mekaar. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

292 Bo op die balkon daarbo, daardie man wat daar sit met prostaatprobleme, wat oorkant aan die linkerkant sit, glo met jou hele hart, meneer. Dis reg. God genees jou, maak jou gesond. Glo. Sit nou julle hande op mekaar en bid vir mekaar.

293 Ons Hemelse Vader, ons bring Satan nou voor 'n uitdaging. Hy is 'n bedrieër, en hy is vanaand ontbloot deur die krag en die opstanding van Jesus Christus.

Satan, jy het die stryd verloor. Kom uit hierdie mense uit. Gaan weg. In die Naam van Jesus Christus, kom uit hulle uit.

294 Ek beveel elkeen van julle wat glo in Jesus Christus, en weet dat Hy Sy Woord hou, glo dat dit Sy Gees is wat nou hier is, as julle dit glo met julle hele hart. . . 'n Gelowige het sy hande op jou gelê, wat die Bybel gesê het, Jesus gesê het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hy's dieselfde God wat hier is, wat Homself bekendmaak dat Hy julle Pinkster Messias is.

295 Elkeen van julle wat Hom nou sal aanvaar as julle Geneser, maak nie saak waar jy is nie, staan op jou voete en aanvaar Hom as jou Geneser. Ek verklaar dit genees in die Naam van Jesus Christus. Steek nou julle hande op na Hom en prys Hom. Amen.

*Ek Sal Hom Prys. Ek Sal Hom Prys.*

Prys Hom net.

> . . . Ek sal Hom prys,
> Die Lam prys vir sondaars geslag;
> O, gee Hom glorie al julle mense,

God seën julle.

61-0208 Menere, Ons Wil Jesus Graag Sien
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org